**SAFLII Note:** Certain personal/private details of parties or witnesses have been redacted from this document in compliance with the law and SAFLII Policy

REPORTABLE

IN DIE HOe HOF VAN DIE REPUBLIEK VAN

SUID-AFRIKA NOORD GAUTENG, PRETORIA

SAAK NO: CC119/12

DATUM: 15/07/2013

In die saak van:

Die Staat

teen

| | |
|---|---|
| Johannes Christiaan Kotze | Beskuldigde 1 |
| Paparona Andries Sithole | Beskuldigde 2 |
| Pieta Mampuru Mohlake | Beskuldigde 3 |
| Sello Frans Mphaka | Beskuldigde 4 |

UITSPRAAK

BAM WR

1. Die beskuldigdes staan tereg op sewe aanklagtes:

Aanklagl: Moord;

Aanklag 2: Menseroof;

Aanklagtes 3, 4, 5, en 6: Verkragting: Oortreding van art 3 van die

Strafregwysigingswet(Seksuele Oortredings en Verwante Aangeleenthede), Wet 32 van

2007; en

Aanklag 7: Poging tot Moord.

Alternatiewelik tot aanklag 7 die volgende substantiewe aanklagtes:

Aanklag 7.1: Poging tot Moord;

Aanklag 7.2: Aanranding met die opset om ernstig te

beseer g.m. art 94 van die Strafproseswet, Wet 51 van 1977;

Aanklag 7.3 Seksuele Aanranding: Oortreding van art 5 van Wet 32 van 2007.

Die oorledene genoem in aanklag 1, RCB, was die seun van die klaagster vermeld in aanklagtes 2 tot 7, Me LB.

\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`

2. In die akte van beskuldiging het die Staat beweer dat die beskuldigdes op 3 Januarie 2012 die genoemde misdrywe by die woning van besk.1 te Modimolle gepleeg het, nadat besk.1 die aanval op Me B vooraf beplan het en tydens die pleging van die beweerde dade, vanaf haar vryheidsberowing tot die laaste aanranding op haar, bygestaan is deur drie gemaskerde mans, besks. 2, 3 en 4. Die Staat het ook beweer dat besk.1 in 'n stadium op die dag die oorledene versoek het om na sy huis te kom en hom daar drie keer met ’n .22 geweer geskiet het.

Die volgende spesifieke bewerings is in die akte gemaak:

Ten opsigte van aanklag 3 is beweer dat besk. 2 die verkragtingsdaad gepleeg het terwyl hy deur besks. 1, 3 en 4 bygestaan is.

Ten opsigte van aanklag 4 is beweer dat besk. 3 die verkragtingsdaad gepleeg het terwyl hy deur besks. 1, 2 en 4 bygestaan is.

Ten opsigte van aanklag 5 is beweer dat besk. 4 die verkragtingsdaad gepleeg het terwyl hy deur besks. 1, 2 en 3 bygestaan is.

Ten opsigte van aanklag 6 is beweer dat besk.1 herhaalde dade van seksuele penetrasie met Me B gepleeg het terwyl besks. 2, 3 en 4 horn bygestaan het.

In aanklag 7, die hoofaanklag, word beweer dat die beskuldigdes. gepoog het om Me B te vermoor deur haar op verskeie maniere aan te rand.

Alternatiewelik tot aanklag 7; dit is die drie substantiewe aanklagtes:

In aanklag 7.1 word beweer dat die beskuldigdes gepoog het om Me B te vermoor deur handelinge van seksuele penetrasie te pleeg sonder kondome, of bystand in daardie verband te verleen, ongeag die HIV positiewe status van enige of al die daders.

In aanklag 7.2 word beweer dat die beskuldigdes Me B op verskeie maniere aangerand het met die opset om haar ernstig te beseer.

In aanklag 7.3 word beweer dat die beskuldigdes Me B op verskeie maniere en wyses seksueel onteer het.

3. By die aanvang van die verhoor op 19 November 2012 het mnr Bantjes, wie vir besk.1 verskyn het, aansoek gedoen vir uitstel omdat besk.1 nie gereed was om te pleit nie aangesien daar nog sekere psigiatriese ondersoeke op hom uitgevoer moes word waarvoor 'n privaat psigiater aangestel sou word. Volgens Mnr Bantjes was daar by die verdedigingspan geen sekerheid oor besk.1 se geestestoestand ten tye van die beweerde pleging van die misdrywe nie. Die aansoek om uitstel is deur die Staat, verteenwoordig deur Me Meintjes SC en Me Harmzen, ge-opponeer.

Die uitslag van die psigiatrise evaluasie van besk.1, ingevolge die bepalings van art 77, 78, en 79 van die Strafproseswet, soos gereflekteer in Bew."B", naamlik dat hy wel toerekeningsvatbaar was ten tye van die beweerde pleging van die misdrywe en sy verhoor sou kon staan, is nie per se betwis nie. Die verwysing na die moontlike invloed

wat fisiese mediese toetse op besk.1 se evaluering sou kon he was ongesubstansieerd. Dit was nie Mnr Bantjes se argument dat besk.1 op die meriete onvoorbereid was nie behalwe vir sekere inligting wat die Staat sou verskaf en wat toe wel verskaf is.

’n Beskuldigde is nie sondermeer op uitstel geregtig nie. Die Hof moet tevrede wees dat daar voldoende en gegronde redes daarvoor bestaan. Art 342A van die Strafproseswet bepaal dat indien die afhandeling van verrigtinge deur ’n uitstel vertraag sou word, sodanige uitstel geweier mag word, ’n Beskuldigde het ’n konstitusionele reg op ’n regverdige en billike verhoor. Dit sluit die reg in om getuienis aan te val en aan te bied. Dit moes gevolglik oorweeg word of die voortsetting van die verhoor op daardie stadium nie besk. 1 se reg op ’n billike verhoor sou aantas nie. Alhoewel daar nog geen getuienis voor die Hof was nie, het die akte van beskuldiging, wat op die beskuldigdes beteken is, aangetoon, soos gesubmitteer deur die Staat, dat die aanklagtes baie ernstig van aard is. Tydens argument het ek het ook aangedui dat die kwessie van besk.1 se toerekeningsvatbaarheid wel gedurende die verhoor weer ter sprake mag kom indien dit uit die getuienis blyk dat besk.1 moontlik nie tydens die betrokke gebeure toerekeningsvatbaar was nie, en dat dit dan weer aangespreek sou kon word.
Die aansoek om uitstel was in die omstandighede nie in belang van geregtigheid nie, en dus nie geregverdig nie. Besk.1 se reg op ’n regverdige en billike verhoor sou ook nie deur die afwysing van die aansoek aangetas word nie. Die aansoek om uitstel is gevolglik afgewys.

4. Besk.1 was egter nie bereid om op die aanklagtes te pleit nie, waarskynlik op instruksies van sy regsverteenwoordigers. Gevolglik het die Hof ingevolge die bepalings van art 109 van die Strafproseswet ’n pleit van onskuldig op al die aanklagtes ten opsigte van besk.1 aangeteken. Op die sewende dag van die verhoor het mnr Bantjes besk.1 se

verweer op rekord geplaas synde dat hy tydens die gebeure op 3 Januarie 2012 ontoerekeningsvatbaar was. Die saak is in November as gevolg van verhoortyd-probleme uitgestel. Op 15 April 2013, toe die verhoor voortgesit is, het Mnr Greyling vir besk.1 verskyn en bevestig dat besk. 1 se verweer tydelike ontoerekeningsvatbaarheid ten tye van die beweerde pleging van die misdrywe is. Besk.1 het dit beaam.

5. Besks. 2, 3 en 4 het op al die aanklagtes onskuldig gepleit en as verweer met betrekking tot aanklagtes 3 tot 7 aangevoer dat hulle onder relatiewe dwang van besk.1 betrokke was. Besks. 2, 3 en 4 het ook spesifiek ontken dat hulle tydens die beweerde verkragtingsdade die klaagster ge-penetreer het.

6. Die volgende formele erkennings is deur die al die beskuldigdes gemaak.

1. Die identiteit van die oorledene in aanklag 1 as C B;

2. Dat die oorledene geen verdere beserings opgedoen het nie vandat sy liggaam op 3 Januarie 2012 op die toneel gevind is totdat die lykskouing op horn uitgevoer is deur Dr Monulu;

3. Dat ‘n sketsplan opgestel is, en foto’s geneem is, kort na die gebeure op 3 Januarie 2012, van die toneel te Kerkstraat 134, Modimolle asook van die oorledene ten tye van die lykskouing, soos per Bew. “F”;

4. Dat Dr van Rensburg smere en ‘n bloedmonster van Me B geneem het soos in die verslag van Lt Kol Botha na verwys, Bew. “M”, waarvan die inhoud erken word - met verwysing na alle items daarin vermeld. Dit is spesifiek erken dat die verslag verwys na:

4.1 bloedmonsters wat van besks. 1 tot 4 geneem was;

4.2 die bloedmonster geneem vanaf die muur, punt K foto 31 in Bew. “F”;

4.3 die items gemerk A tot E, K, M, N in Bew. “F”;

5. Dat besk.1 die gelisensieerde eienaar is van ‘n .22 geweer, soos dit verskyn op foto 5, en gevind is op die plek soos aangedui met die letter J op die sketsplan van Bew. “F”;

6. Dat 2 afgevuurde .22 doppies op die toneel gevind was en 1 doppie ook in die genoemde .22 geweer was; so-ook ’n projektielpunt wat tydens die lykskouing gevind is soos aangedui in Bew. “F", punte G, H, L en P. Dat die betrokke ballistiese verslag, Bew. “N”, korrek is en met instemming ingehandig word;

7. Dat besk. 2 na die gebeure HIV positief getoets het;

8. Dat besk.1 in besit was van 2 selfone met nrs …. en ….. IMEI, en dat die state soos per Bew. “P” en Bew. “Q”, korrekte inligting weergee wat die gebruik van die genoemde selfone betref;

9. Dat besk. 2 twee selfone gebruik het met nommers …. en ….; dat besk. 3 ’n selfoon met nr  gebruik het; dat Me B ’n selfoon met nr ….. gebruik het; en, dat die oorledene ’n selfoon met nr ….. gebruik het;

10. Dat die state soos per Bew.“R”1- 4 met betrekking tot selfone ….. (selfoon gebruik deur besk.3) …. en …... (selfone gebruik deur besk.2) en ….. (selfoon gebruik deur Me B) korrekte inligting ten opsigte van die gebruik van die gemelde fone weergee.

11. Dat uit die selfoonstate van die oorledene dit blyk dat die oproep vanaf Me B se selfoon om 16h22 daardie dag nie beantwoord is nie maar oorgegaan het na “voice mail”.

**Opsomming van die staatsgetuienis.**

7. Mev B het getuig. C, die oorledene, was een van haar twee kinders uit haar vorige huwelik met Mnr R B, van wie sy geskei het. Me B en besk.1 het verloof geraak in Maart 2010 en is op 23 Oktober 2010 getroud. Na etlike maande het daar probleme in die huwelik ontstaan en Me B het die huis verlaat. Daarna het Me B en besk.1 weer versoen maar dit het nie lank geduur nie en vanaf November 2011 was alles tussen hulle verby. Hulle het toe apart gewoon en sou skei.

Die oggend van 3 Januarie 2012 het Me B ’n oproep van besk.1 gekry. Hy het haar versoek om na sy huis in Modimolle te kom. Sy kon dit nie die oggend maak nie en om ongeveer 14h45 het sy by besk.1 se huis aangekom nadat sy hom per selfoon laat weet het sy kom. Die huis se deure was oop en besk.1 was buite die huis. Hulle twee het toe agter die huis onderdie borne gaan sit. Na ongeveer 15 minute het besk.1 Me B in die huis ingelok onder die voorwendsel dat sy na sekere van haar besittings moes gaan kyk. In die huis het hy haar na ’n slaapkamer beduie. Die kamer was donker en die gordyne was toegetrek. Skielik het besk.1 haar oorval deur ’n handdoek oor haar kop te trek en haar op die bed neer te gooi. Toe sy daarin slaag om orent te kom was die lig in die kamer reeds aangeskakel. Besk.1 het na “Andries" en “Hendrik’ geroep om hom te help. Met behulp van drie gemaskerde swart mans, dit was besks. 2, 3 en 4, is Me B op die bed vasgemaak met toue en kabelbinders (“cable ties”). Sy het gegil, geskree en geskop terwyl besk.1 haar met die vuis aanhou slaan het om haar stil te kry. Haar mond is toe met ’n soort kleefband toegeplak wat om haar kop gegaan het. Sy het gesukkel om asem te kry en kon slegs deur haar regterneusgat asemhaal. Besk.1 het haar aanhou beskuldig van ontrouheid en in kru-taal gese sy gaan die dag voel hoe dit is as swart mans met haar gemeenskap hou. Hy het haar telkens weer geslaan. Hy het ook gepraat van die vernedering wat C en haar ouers hom en sy dogter aangedoen het. Besk.1 het haar langbroek probeer aftrek maar sy het met lyfbewegings gekeer. Hy het toe haar liggaam

opgelig en besk. 2 het haar langbroek en klein broekie uitgetrek. Besk.1 het haar bra bokant haar borste opgestoot en haar tepels met sy vingers gedraai en geknyp. Hy het haar weer geslaan, ook op haar borste en ribbes, en het voortgegaan met sy beskuldigings. Hy het meer aggressief geraak en het ook haar selfoon en motorsleutels uit haar handsak gehaal en in sy sak gesit. In die tyd het hy ’n selfoonoproep beantwoord en sy het gehoor hy se: “Sy lieg en lieg nog steeds my kind.” In 'n stadium het besk.1 Me B se selfoon na haar uitgehou en haar versoek om C te skakel. Sy het daarin geslaag om die selfoon te aktiveer en gesien dat daar boodskappe van haar ouers was. Daar was toe skynbaar op een of ander wyse selfoonverbinding met haar ouers. Besk.1 was woedend toe hy dit agterkom. (Later het sy vasgestel dat geluide in die kamer op haar ouers se foon opgeneem is.) Besk.1 het die vertrek verlaat met haar selfoon. Besks. 2, 3 en 4 het agtergebly. Me B het getuig dat sy hulle drie met haar oe gesmeek het om haar te help. Dit was egter verniet. Met sy terugkeer het besk.1 haar met sekere voorwerpe, wat hy uit die ingeboude kas gehaal het, stelselmatig gemartel deur onder andere haar liggaani te skend deur haar tepels af te sny, haar borste met ’n skerp voorwerp te perforeer en te druk sodat dit moes bloei, haar pubiese hare met ’n tang uit te trek en voorwerpe in haar vagina en anus in te druk. Hy het haar vagina ook inwendig met ’n voorwerp geknyp. Sy het erge pyn verduur. Besks. 2, 3, en 4 was deurentyd teenwoordig. Besk.1 het haar ook met water natgegooi en gese hy gaan haar afkoel voordat die aksie begin. Hy self het gesweet en was baie aggressief. Hy het ook ’n .22 geweer op haar gerig en gese sy moet stil le. Besks. 2, 3 en 4 is daarna deur besk.1 aangese om beurtelings met haar gemeenskap te hou. Voor besk. 2 met haar gemeenskap gehad het, het besk.1 sy duim oor besk. 2 se penis gevryf en die “goed” op haar wang en onder haar neus gevryf. Me B het steeds probeer om haar teen te sit maar haar bene is deur van die ander beskuldigdes vasgehou. Nadat hulle al drie met haar gemeenskap gehou het, het besk.1 die ander drie opdrag gegee om uit die kamer te gaan. Besk.1 het toe staaldruppels op haar borste gegooi. Dit

was baie pynlik en sy het haar bewussyn verloor. Besk.1 het haar borste weer gedruk en die staaldruppels ook in haar vagina en op haar anus gegooi. Besk.1 het herhaaldelik gese hoe lief hy haar het. Hy het die geweer teen haar voorkop gedruk en gese as haar kind daar kom gaan hy hom in die kamer inbring en hom dwing om met haar gemeenskap te he en hom dan bo-op haar doodskiet. Hy het bygevoeg dat sy kan bly wees dat hy haar dogter nie ook daar gekry het nie, sy sou dan dieselfde deurgemaak het. Besk.1 het later haar langbroek vir haar aangetrek.

Wat intussen gebeur het, volgens Mnr Marthinus Cloete, ’n vriend van C, is dat nadat besk.1 met C op Me B se selfoon gepraat het en hom versoek het om na sy huis te kom om hom te help pak, hy saam met C op laasgenoemde se motorfiets daarheen gery het. Besk.1 het hulle vriendelik buite die huis gegroet en vir Mnr Cloete gevra om ’n krat in die motorhuis te gaan haal terwyl hy en C die huis in is.

Volgens Me B het sy gehoor toe een van die ander beskuldigdes se dat die motorfiets daar aangekom het. Sy het besef dat dit C was. Besk.1 het haar beveel om nie ’n geluid te maak nie en nadat hy eers deur die venster gekyk het, het hy die geweer gegryp en is by die kamer uit. Die volgende wat sy gehoor het was toe C se: “Nee Oom, moenie!”. ’n Skoot het geklap. C het weer gese: “Oom asseblief, moenie!”, en nog ’n skoot het geklap, en toe ’n derde skoot. Me B het daarna in ’n beswyming verval.

Volgens Mnr Cloete het hy die krat in die motorhuis en aangrensende kamertjie gesoek maar kon dit nie kry nie. Net toe hy uit die motorhuis wou gaan het hy gehoor ’n voertuig vertrek. Dit het geblyk dat dit besk.

1 se voertuig was wat hy gehoor ry het en hy het aanvaar dat C saamgery het want hy het

na C geroep maar niemand het geantwoord nie. Hy het nie skote gehoor nie.

Me Vivian vd Merwe, 'n vriendin van Me B het 'n rukkie later opgedaag. Sy en Mnr Cloete het Me B in die kamer gevind, sy was vasgemaak en haar mond was toegeplak. Me B se eerste reaksie was om te vra waar die drie mans was wat haar verkrag het. C het in die kamer langsaan gele. Hy was reeds oorlede.

Me B is dieselfde dag deur Dr van Rensburg ondersoek en behandel. Sy is die volgende dag in die Little Company of Mary Hospitaal in Pretoria opgeneem waar sy vir agt dae behandel is.

8. Die foto album, Bew."L", bevat foto's van Me B en toon onder andere kneusmerke op haar gesig en ander dele van haar liggaam asook die beserings aan haar borste waar haar tepels afgesny is.

9. Onder kruisverhoor deur mnr Bantjes het Me B toegegee dat die verhouding tusssen haar en besk.1 bemvloed is deur die verhouding, oftewel wan-verhouding, tussen besk.1 en haar ouers en C. Sy het toegegee dat sy wel op 'n geleentheid besk.1 geruk het en met die vuis geslaan het, maar bygevoeg dit was toe sy nie meer besk.1 se kritiek en beledigings teen haarfamilie kon hanteer nie. Sy het erken dat besk.1 op verskeie geleenthede gepoog het om die verhouding te herstel maar het volgehou dat die verhouding in November finaal verby was. Sy het ook toegegee dat die J88, die mediese verslag, Bew. "H1", wat deur Dr van Rensburg op 3 Januarie 2012 voltooi is, nie stawing bied vir al die beserings wat sy getuig het sy tydens die voorval opgedoen het nie, maar het getuig dat sy die dokter alles vertel het.

Sy het ontken dat 'n man haar geliefkoos het op Oujaarsaand en dat sy besk.1 met ander mans gekul het. Sy het toegegee dat besk.1 baie jaloers was en ook gese dat sy besk.1

nooit ervaar het as ’n aggressiewe persoon nie, wat juis die rede is waarom sy hom op 3 Januarie vertrou het en na hom toe gegaan het.

Sy het ontken dat haar besoek aan besk.1 op 3 Januarie vir hom ’n verrassing was.
Sy het ook ontken dat die lang voorwerp wat besk.1, volgens haar getuienis in haar anus gedruk het, ’n "vibrator” was wat sy self aangekoop het.

Sy het verder ontken dat besk.1 ontsteld was toe hy bloed gesien het asook dat hy langs haar aan die slaap geraak het. Sy het ontken dat besk.1 nie geweet het wat hy doen nie en gese dit het vir haar voorgekom dat hy die aanval op haar beplan het.

10. Gedurende kruisverhoor deur Mnr van Rooyen, namens besk. 2, het Me B erken dat besk.1 wel aan die ander drie opdragte gegee het maar het bygevoeg dat hulle dit baie vrywillig uitgevoer het. Sy is ook gekonfronteer daarmee dat die J88 wat deur Dr van Rensburg voltooi is nie al die beserings waaroor sy getuig het vermeld nie. Sy het gese dat sy nie presies kan onthou wat sy alles aan die dokter vertel het nie.
Dit is spesifiek ontken namens besk. 2 dat besk.1 met sy duim oor besk.
2 se penis gevryf het soos Me B getuig het. Sy het geantwoord dat dit wel gebeur het.
Sy het saamgestem dat besk.1 haar borste ontbloot het en dat besk.1 gese het dat besk. 2 daaraan moet vat om besk. 2 te help om ’n ereksie te kry. Besk. 2 sou erken dat die pleister wel op Me B se mond geplak was en dat hy gesien het dat haar pubis hare ook met die hand uitgetrek is. Me B het toegegee dat laasgenoemde wel kon gebeur het.

Dit is gestel dat besks 2, 3 en 4 nie teenwoordig was toe die marteling plaasgevind het nie.
Me B het dit betwis.

11. Tydens kruisverhoor deur Mnr van As, namens besks. 3 en 4, het Me B erken dat besk.1 baie aggressief was en dat hy ’n grootgeboude man was. Sy het egter volgehou dat sy nie ’n rewolwer in besk.1 se besit gesien het nie.
Me B het ontken dat sy aan haar gewese man, Mnr Rex Bonnette, gese het drie tuinwerkers was gedwing om haar te verkrag.

Sy het verder ontken dat sy in die teenwoordigheid van besks. 3 en 4 slegs geklap is. Sy het egter toegegee dat sy die volgorde van besks. 3 en 4, wat die beweerde verkragting betref, kon omgeruil het. Dit is gestel dat besks. 3 en 4 haar nie gepenetreer het nie. Me B het dit ontken. Sy het ook ontken dat besks. 3 en 4 eers uit die kas gekom het nadat sy vasgemaak was. Sy het getuig dat sy deur die beskuldigdes omsingel was maar het toegegee dat slegs een kon gehelp het om haar vas te maak.

12. Luitenant-Kolonel H C Botha, ’n forensiese patoloog van die Suid- Afrikaanse Polisie Diens, het getuig dat sy geen manlike DNS op die pleister wat om Me B se mond geplak was gevind het nie en ook geen tekens van semen op die monsters wat van Me B geneem is nie. Die bloed wat in die huis teen ’n muur gekry is kon moontlik C s’n wees.

Kol Botha het getuig dat daar verskeie redes kan wees waarom daar nie positiewe DNS, en tekens van semen op me B gevind is nie. Hierdie redes sluit die volgende in:
(i) Of daar wel semen agtergelaat is;
(ii) Die hoeveelheid semen wat moontlik agtergelaat is;
(iii) Die staaldruppels wat op haar geslagsdele gestort is;
(iv) Dreinering daarvan op ander kledingstukke;

13. Dr C C Monulu, forensiese mediese beampte by die Bela-Bela Hospitaal, het op 5

Januarie 2012 die lykskouing op C uitgevoer. Die oorsaak van dood was skietwonde. Daar was drie skietwonde. Een voor by die mond in en deur die brein; die projektiel is in die skedel gekry. Die tweede wond was op die bors, regs voor, met die trajek deur die lewensorgane; hierdie projektiel is nie gevind nie as gevolg van onvoldoende tegniese apparaat by die hospitaal. Die derde wond was op die regterknie met 'n ingangs- en uitgangs-wond aan die regterkant van die knie. Onder kruisverhoor het Dr Monulu toegegee dat die projektiel wat die borskas getref het moontlik eers die oorledene se knie getref het.

Die dokter het ook getuig dat die aard van die trauma wat deur Me B ervaar is, neurogeniese skok ("neurogenic shock"), haar dood kon veroorsaak het.

14. Dr J Jansen van Rensburg het Me B op 3 Januarie 2012 om 17h00 ondersoek. Sy was getraumatiseer en in 'n geskokte toestand en sy het gehuil oor haar seun se dood. Die dokter het haar klinies ondersoek en sy bevindinge op die standaard J88 vorm, Bew "H1", aangebring. Die geval van Me B was die dokter se eerste ondersoek van 'n beweerde verkragtingslagoffer. Hy het verskeie beserings aan Me B gevind. Hierdie beserings sluit in beserings aan haar gesig, borste, haar tepels wat verwyder is en punksie merke onder aan haar borste. Daar was ook beserings aan beide poise, en 'n snymerk aan haar vagina. Daar was geen aanduiding van anale penetrasie nie. Volgens die dokter was Me B wel seksueel aangerand en hy het penetrasie bevestig. Die prostesis in haar een bors het van die silikon inhoud daarvan verloor en moes vervang word. Volgens Dr van Rensburg het die aanwending van staaldruppels op oop wonde die effek dat bloeding gestop word. Dit veroorsaak egter trauma deurdat dit baie erg brand.

Dr van Rensburg het erken dat hy nie al die beserings wat hy aan Me B opgemerk het, op

Bew “H1” aangeteken het nie. Hy kon nie 'n aanvaarbare verduideliking daarvoor verskaf nie. Onder kruisverhoor het hy getuig dat Me B aan hom gese het dat sy nie anaal gepenetreer is nie.

15. Me Jo-Marie Kotze, besk.1 se dogter van 18 jaar uit 'n vorige huwelik, was op 3 Januarie 2012 per bus op pad na besk.1. Hulle was van plan om saam met vriende by die Warmbad-dam te gaan kamp. Besk.1 sou ’n karavaan sleep. Deur die loop van die oggend het besk.1 haar verskeie kere geskakel om uit te vind waar die bus was. Die middag het hy haar weer gekontak en alternatiewe reelings met betrekking tot haar vervoer getref. Besk.1 het heel normaal geklink toe hy met haar gepraat het maar to hy die laaste keer met haar gepraat het, het hy uitasem voorgekom, asof hy vinnig geloop het.

16. Mnr Dirk van der Merwe, ’n voormalige vriend van besk.1, het getuig dat hy en besk.1 beplan het om op 3 Januarie 2012 by die Warmbad-dam te gaan kamp. Vroeg daardie oggend het hy en besk.1 saam koffie gedrink. Later het hulle besluit om palmbome op die erf waar besk.1 gebly het, wat aan die getuie behoort, uit te haal. Besk.1 het hom ingelig dat hy hulp gekry het van drie swart mans, wat by Corro Creek in die omgewing van Modimolle sou gewerk het, en wat in die straat verbygeloop het, om hulle met die palmbome te help. Die palmbome is uitgehaal en her-vestig. Besk.1 het verskeie kere gese dat hyself vir die arbeid sou betaal. Mnr van der Merwe het die indruk gekry dat besk.1 nie wou he dat hy die middag by besk.1 se woning moes kom nie. Om ongeveer 16h00 het besk.1 hom geskakel, hy het gehuil en gese dat hy nie nie meer wil leef nie, dat hy nie meer saamgaan dam toe nie en dat hulle hom nie moet soek nie. Nege dae later het besk.1 by hom aangekom en is toe ge-arresteer. Besk.1 het aan hom gese dat alles Me B se skuld was en dat hy twee keer probeer selfmoord pleeg het. In kruisverhoor het Mnr vd Merwe ontken dat die mans met bouwerk by die huis, wat besk.1 van hom gehuur het, sou

help. Dit is gestel dat besk.1 sou ook ontken dat hy Mnr vd Merwe daardie dag van sy huis wou weggehou het en dat hy die middag gehuil het toe hy met hom gepraat het.

17. Kaptein Moller, ‘n kommunikasiedeskundige in diens van die Polisie, het getuig dat hy selfoonkontak en kommunikasie tussen onder andere besks.1 en 2, tussen besks. 2 en 3 en tussen besk.1 en Me B nagespoor het. Vanaf 2 November 2011 tot 3 Januarie 2012 het besk.1 147 keer Me B geskakel en boodskappe gestuur. Sy het hom in daardie tyd 12 keer gekontak. Daar was sedert 20 Desember 2011 48 oproepe deur besk.1 na besk. 2 gemaak. Besk. 2 het besk. 1 42 keer probeer skakel en het 9 keer met hom kontak gemaak, en ook 2 boodskappe gestuur. Daar was selfs oproepe gemaak op 25 Desember en 1 Januarie. Op 3 Januarie 2012, vroegoggend, het besks.1 en 2 reeds met mekaar gekommunikeer. Besk. 2, het na 16h00, 21 keer gepoog om met besk.1 kontak te maak. Besk. 2 het besk. 3 daardie middag vyf keer geskakel.

18. Dr Susan Grabe, ’n mediese praktisyn en deskundige op die gebied van beserings van verkragtingslagoffers, het getuig dat navorsing toon dat gemiddeld slegs 10 tot 30% van alle vroulike slagoffers beserings aan hulle geslagsorgane opdoen tydens verkragting. Die ervaring wat me B gehad het met die “wilde bewegings” wat besk.1 na bewering met die tang in haar geslagsdeel gemaak het, beteken nie noodwendig dat daar sigbare beserings sou wees nie. Sy het ook getuig dat die HIV virus baie maklik oordraagbaar is wanneer daar beserings aan die slagoffer se geslagsdele is.

19. Adjudant Offisier Kruger, die ondersoekbeampte, het C se liggaam in die kamer gevind. Hy het beslag gele op die .22 geweer, ’n mes met ‘n lem van 15 cm, ’n tang en ander voorwerpe wat uitgebeeld word in die foto’s van die misdaadtoneel. Hy het ook twee .22 kaliber patroon doppies in die huis se gang gevind asook ’n derde doppie wat steeds in

die geweer was. Twee selfoonbokse, waarop inligting was wat aangetoon dat dit besk. 1 se selfone bevat het, is ook gevind. Een was by MTM geregistreer en een by Cell C. Die nommers wat besk.1 van sy selfone af geskakel het, het A/O Kruger na besk. 2 gelei. Hy het besk. 2 by Makapaanstat opgespoor en gearresteer. Besk. 2 het hom na besks.
3 en 4 gelei wie hy onderskeidelik op 13 en 14 Januarie gearresteer het. Op 10 Januarie is besk.1 skynbaar in Modimolle gesien en is sy Fortuner later verlate in ’n bebosde area buite Modimolle gevind. In die voertuig was daar verskeie artikels wat insluit komberse, bottels koeldrank, ’n gasbottel en ’n kan water. Op 11 Januarie 2012 het Mnr Dirk vd Merwe geskakel waarna A/O Kruger besk.1 ge-arresteer het. Besk.1 was baie moeg en in ’n gehawende toestand. Hy het ook krapmerke aan sy arms en bene gehad.
Gedurende kruisverhoor deur Mnr Bantjes is besk.1 se dagboek, wat in sy voertuig gekry is, voorlopig as Bew “W” toegelaat. ’n Week na die arrestasie is besk.1 op A/O Kruger se versoek deur twee polisie- sielkundiges ondervra. Besk.1 het self ook gevra vir sielkundige behandeling.

Op ’n vraag van Mnr van Rooyen het A/O Kruger geantwoord dat dit onwaar is dat besk. 2 aan hom gese het dat hy eers wou weet waar besk.1 was, en dat besk.1 eers aan hom gewys moet word, voordat hy bereid sou wees om besks. 3 en 4 uit te wys.
Op vrae deur Mnr van As het A/O Kruger gese dat hy nie die selfone van besk.1 opgespoor het nie. Hy het ook geen handwapen van besk.1 gevind nie. Volgens polisierekords is die twee handwapens wat op besk.1 se naam geregistreer was, ’n .375 rewolwer en ’n .22 pistool, in 2003 aangemeld as gesteel. Dit is nooit terug gevind nie. Die hangkas in die kamer het twee knoppe aan die buitekant van die deure. A/O Kruger het egter nie 'n band of belt opgemerk waarmee die deure van die ingeboude kas toegebind kon gewees het nie.

20. Dr Kritzinger, ’n plastiese sjirurg, het getuig dat hy Me B op 4 Januarie 2012 by die Little Company of Mary Hospitaal ondersoek het. Hy het gevind dat beide haar borste se tepels afgesny was. Aan beide borste was verskeie perforasies wat veroorsaak kon gewees het met ’n skerp voorwerp soos ’n spyker of naald soos Bew. 4, ’n naald van 7.5cm.

21. Dr L Pienaar, ook ’n mediese praktisyn van Modimolle, het besk.1, wie ’n pasient van hom was, op 11 Januarie 2012, na sy arrestasie, ondersoek. Besk.1 was moeg en het ’n redelike hoe bloeddruk gehad. Hy het ook krapmerke van doringbosse aan sy lyf gehad. Dr Pienaar het ontken dat daar tekens was dat besk.1 aan akute depressie gelei het.
Die verdediging se getuienis.

22. Na sluiting van die staatsaak het besk.1 getuig. Hy en Me B het voor en tydens hulle huwelik ’n goeie verhouding gehad. Die probleme wat onstaan het is veroorsaak deur partye buite die huwelik. In hierdie verband het Me B se ouers en haar seun C ’n rol gespeel. Alhoewel besk.1 en Me B in Maart 2011 reeds uitmekaar is, het hulle egter versoen geraak maar is weer later uitmekaar. Volgens besk.1 was daar gedurigdeur kontak en heimlike kuiertjies tussen hulle tot en met Desember 2011, en was daar ook ’n sterk moontlikheid dat hulle al hul probleme sou kon oplos. Besk.1 het selfs ’n gesinsgeweld interdik teen Me B gekry nadat sy hom aangerand het. Die saak het hy later terug getrek aangesien hulle, volgens besk.1, die probleem tussen hulle self wou oplos. Besk 1 het verder getuig oor die afsprake wat hy met Me B gehad het vir Kersfees 2011 en ook die Oujaarsaand van 2011, wat sy nie nagekom het nie. As gevolg van die suspisie wat hy gekoester het oor haar getrouheid aan hom het hy die Oujaarsaand by ’n plek aangery waar hy Me B, haar kinders en ’n vreemde man gesien het waar hulle aan sekere gesellighede deelgeneem het. Me B was nie bewus daarvan dat hy haar dopgehou het

nie. Hy het ook gesien dat Me B deur die vreemde man geliefkoos word. Daaroor was hy, soos hy gese het, “ongelooflik” ontsteld. Later die nag het hy Me B by haar woonplek in Modimolle gaan inwag en daar geskuil. Hy het gesien dat die vreemde man en Me B mekaar verskeie kere liefkoos. Dit was vir hom uiters ontstellend. Hy kon daardie nag nie slaap nie en het selfs die kat by sy huis aggressief en hardhandig behandel. Op 1 Januarie het Me B telefonies verduidelik waarom sy nie die vorige dag met hom kontak gemaak het nie. Besk.1 het getuig dat dit vir hom moeilik was om gedurende sy getuienis in die Hof alles wat gebeur het presies weer te gee. Die Sondagaand en die Maandagaand het besk.1 saam met vriende deurgebring. Vroeer die Maandagmiddag het besk.1 en Me B mekaar egter in die dorp raakgeloop en gesels. Volgens besk.1 sou Me B kon gesien het hy was ontsteld. Hulle het mekaar ook ’n drukkie gegee. Hy het die Maandagnag ook nie geslaap nie. Die volgende dag, 3 Januarie 2012, het hy die ander drie beskuldigdes te Hammanskraal gaan haal na aanleiding van ’n afspraak wat hy met besk. 2 gehad het om met sekere bouwerk by sy huis in Modimolle te help. Hy was egter nie vooraf bewus daarvan dat besks. 3 en 4 sou saamkom nie. Hulle twee is deur besk. 2 daar aangebring om te help met die uitgrawings en bouwerk wat beplan is. In Bela-Bela het besk. 2 kos en sigarette gekoop. Besk.1 het in sy voertuig geslaap terwyl die ander drie ge-eet het. Besk. 2 het besk.1 versoek om ook by ’n ander winkel te stop. Later het besk.1 na besk. 2 gaan soek en hom by ’n winkel gekry. Besk. 2 het ’n pakkie sykouse aan hom getoon wat hy gese het hy vir sy vrou gekoop het. Iewers op pad na Modimolle het besk. 1 met Me Bonnette gepraat. Hy was egter nie seker nie of hulle toe, of die vorige dag reeds, die afspraak gemaak het dat sy op 3 Januarie, nadat sy haar kantoor aan die gang gekry het, met hom sou kom praat. Sy sou egter laat weet wanneer sy kom. By besk.1 se woning het hy die ander drie instruksies gegee oor onder andere die beplande uitgrawings en aanbouings en het in die huis gaan slaap. Hy het besk 2. op drie geleenthede die dag in sy huis gesien. Besk. 2 het elke keer ’n ander rede gehad om in die huis te wees. Besk.1 het

in ’n stadium gery om kos te koop. Besk.4 het vir besk.1 gevra wat hulle vergoeding sou wees maar besk. 2 het tussenbeide getree. Die werk sou besks. 2, 3 en 4 vir drie dae besig hou. Daar is ook palmbome op versoek van Mnr vd Merwe uitgehaal en op ’n ander perseel hervestig. Me B het geskakel en gese dat sy dit nie sou maak om 11 h00 by hom te wees nie en dat hulle later in die week sou kontak maak. Besk.1 was van plan om later daardie middag na 'n dam te gaan waar hy en sy vriend, Mnr Dirk vd Merwe, en ook besk.1 se dogter, Jo-Marie, vir drie dae sou bly. Later die middag het Me B geskakel en gese sy is op pad. Sy was “verskriklik” vriendelik toe sy daar kom. Hulle het mekaar ook ’n drukkie gegee en sy het grappies gemaak. Besk.1 en Me B het buite die huis onder die borne gaan sit en gesels. Besk.1 het herhaal dat hy nie alles wat daar gebeur het kon onthou nie. Hy weet net dat hy die ding met Me B wou uitpraat. Hy het Me B heftig gekonfonteer en gese dat hy presies weet wat sedert Maart gebeur het en ook wat betref die situasie met ene Nico de Villiers. Besk.1 wou ook gehad het dat Me B hom eerlik moes se wat die vorige Saterdagaand gebeur het en dat dit ’n ding is wat hy self sou wou oplos. Besk.1 het toe getuig oor ’n “vibrator” wat Me B op ’n geleentheid gekoop het, wat hy betaal het en wat sy daardie middag uit haar handsak gehaal en gese dat hy dit op volgende persoon wat saam met hom sou wees, kon gebruik. Volgens besk.1 het ’n soortgelyke toneel die vorige jaar in Junie tussen hulle twee afgespeel toe Me B die huis verlaat het. Die “vibrator” voorval het besk.1 baie ontstel en hy het op haar geskree. Besk.1 het herhaal dat hy nie alles wat gebeur het kon onthou nie. Hy en Me B het toe na die huis toe gegaan. Hy het die “vibrator” opgetel en saam met hom geneem. In die huis het hulle steeds met mekaar gepraat. Besk.1 kon egter nie die besonderhede van daardie gesprek onthou nie. In die gang het sy regs gedraai en na die kamer gestap waar haar eiendom altyd was en waar hy en sy op twee geleenthede in Desember verkeer het. Sy het dit die vrykamer genoem. Op pad na die kamer het hy ’n handdoek, wat op ’n kassie in die gang was, met sy linkerhand gegryp. Hy kon egter nie onthou of hy die handdoek in

die badkamer opgehang het nie. Toe hy by die deur van die kamer kom, het hy getuig "was daar 'n enorme gemors, geraas, en ek kan amper se, 'n ontploffing in daardie kamer".

Hy was verslae en het net gesien daar is mans by Me B. Hy het hom daarheen gehaas en daarin geslaag om die groep op die bed te stamp. Besk. 1 het getuig "Hy sien hulle maar hy sien hulle nie" en dat hy nie krag gehad het nie. Wat hy wel onthou is dat hy vir Me B gese het hulle gaan haar nie seermaak nie, hy keer hulle. Me B het baie met haar hande om haar geslaan. Hy het haar een hand vasgevat omdat sy hom in die gesig geslaan het. Al wat hy wou doen was om haar te probeer beskerm en om haar uit die "ding" te kry. Dit het egter te erg geraak en hy het omgedraai. Hy was verbysterd en het uit die kamer gegaan. Toe hy terugkeer het besk. 2 voor Me B gestaan. Besk.1 kon net Me B se bene sien. Besks. 3 en 4 het aan sy linkerkant gestaan. Al drie die manne het sykouse oor hulle koppe gehad het. Besk.1 het toe besk. 2 aan die skouer gevat en gese hy moet haar "asseblief, asseblief, nie seermaak nie. Besk. 2 se broek was afgetrek en het op sy voete gele. Besk.1 het baie tekere gegaan en het mooi gepraat en gevra dat hulle haar nie moet verkrag nie. Hy het verskeie kere teruggegaan na die kamer toe. In 'n stadium het besk. 2 gewys besk.1 moes naderkom. Besk.1 het toe vir hulle gese hulle moet net gaan. Besk. 2 het geld gevra en het die kar se sleutels gehad. Dit is die laaste wat besk.1 hulle gesien het. Hy is toe weer na die kamer toe. Hy was verskriklik kwaad. Hy en Me B het toe 'n gesprek oor Oujaar en Kersfees gehad. Hy het aan haar gese al wat hy voor hom sien is net die man wat haar betas het. Hy is weer uit kamer uit en het op haar geskree. In 'n stadium het hy 'n naald, waarmee hulle aan gordyne gewerk het, by hom gehad. Hy het langs haar gaan le. Hy wou haar nie seermaak nie. Hy het die naald in haar bors ingedruk, maar nie besef hy doen dit nie. Toe hy bloed sien het hy gestop en agtergekom iets verkeerds het gebeur. Hy het ook 'n tangetjie wat in die kombuis was by hom gehad. Toe

hy die bloed gesien het, het hy “verskriklik” geskrik en uit die kamer gegaan. Later het hy weer langs haar gele en hulle het met mekaar gepraat en hy het weer in woede uitgebars. Sy het ook gevra dat hy haar moes los maak. Hy weet nie wat hy daarop ge- antwoord het nie. Sy het water gevra wat hy vir haar gegee het. Sy het ook gevra of hulle nie vir Conrad kon laat kom nie. Hy het nie C se nommer gehad nie en het haar selfoon vir haar vasgehou sodat sy vir C kon skakel. Hy weet dat hy met C gepraat het en dat C nukkerig was. Daarna het hy weer langs haar gele, want hy weet dat sy horn wakker gemaak het en gese het daar is ’n klop aan die deur. Hy het by ’n venster gaan uitkyk en vir C gesien. Hy het toevallig aan sy .22 geweer, wat agter die gordyn gestaan het, geraak. Hy het C glad nie daar verwag nie. Hy het toe die deur vir C oopgemaak en Mnr Cloete ook daar gesien. C het gevra waar sy ma was en besk.1 het geantwoord dat sy in die kamer was. Besk.1 het Mnr Cloete versoek om ’n krat, wat teen die motorhuismuur gestaan het, vir horn te bring en is toe agter C aan die huis. Hy het egter omgedraai en sy .22 geweer agter die gordyn gaan haal en daarmee agter C aangestap. Besk.1 het getuig dat hy weet dat hy die geweer in sy hande gehad het en dat C op twee geleenthede gese het “Moenie, Oom”, en dat hy ’n skoot gehoor het. Hy het gesien dat Cop sy hurke sit. Hy het nooit die bedoeling gehad om C te skiet nie en het geen rede daarvoor gehad nie, want hulle twee het baie goed oor die weg gekom. Hy het nie besef dat hy C geskiet het nie. Later oor die radio het hy gehoor dat C dood is. Toe besk.1 uit die huis wou gaan het hy eers in die gang gaan le en toe later “verdwaas" opgestaan en buite op ’n muurtjie gaan sit. Naderhand het hy in sy voertuig geklim en vir ’n tyd ook daar gesit. Later het hy gery en by ’n beboste area net buite Modimolle uitgekom. Die plek was aan horn bekend en hy het vir ongeveer 9 dae daar gebly. Daar het hy probeer selfmoord pleeg met ’n gasbottel onder ’n kombers. Van tyd tot tyd het hy na Modimolle gegaan om voorrade te koop. In daardie tyd het hy aantekeninge gemaak (Bew “W”) oor onder andere sy verhouding en huweliksprobleme met Me B. Hy het egter eers weer van die bestaan van die dagboek bewus geword het toe

sy prokureur na sy arrestasie hom daarop attent gemaak het. Na die verstryk van die 9 dae het hy by sy vriend Mnr Dirk vd Merwe aangekom waarna hy gearresteer is.

23. Gedurende kruisverhoor deur Mnr van Rooyen het besk.1 ontken dat hy aan die ander drie beskuldigdes opdrag gegee het om enigiets aan Me B te doen. Hy het ook ontken dat hy gesien het dat die ander drie beskuldigdes Me B verkrag het. Dit is gestel dat besk. 2 sou getuig dat besk.1 op Bela-Bela ’n blou pakkie in sy hande gehad het wat hy by ’n winkel gekoop het, en wat waarskynlik die sykouse was wat besk.1 later aan hulle drie gegee het om oor hulle koppe te trek. Besk. 1 het dit ontken. Besk.1 het ook ontken dat hy besk. 2 versoek het om twee manne saam te bring om sy karavaan te was en dat hy gese het dat hy vir sy vrou wag om die sleutel te bring van die plek waar die karavaan was en dat sy om 3nm daar sou wees. Hy het ook ontken dat die huis se deure gesluit was. Besk.1 het ook pertinent ontken dat hy besks. 2, 3 en 4 met ’n rewolwer gedreig het.

24. In kruisverhoor deur Mnr van As was besk.1 nie instaat om te verklaar nie hoe dit gebeur het dat die drie skote wat C getref het, afgevuur is met die Brno .22 slotaksie geweer. Besk.1 het getuig dat hy nie by sy positiewe was toe hy die die dagboek gehou het nie en dat hy oor die radio van sekere van die gebeure gehoor het soos hy dit in Bew “W” aangeteken het.

25. Tydens kruisverhoor deur Me Meintjes het besk.1 gese dat hy nie bewus was dat hy Me B beseer nie het nie. Hy het ontken dat hy die handdoek oor Me B se kop geplaas het en dat hy besks. 2, 3 en 4 nader geroep het. Hy het wel erken dat Me B vasgemaak was alhoewel hy nie weet wanneer dit gebeur het nie.

Dit is aan besk.1 uitgewys dat sy getuienis ten opsigte van verskeie aspekte verskil van wat tydens kruisverhoor aan Me B gestel is. Besk.1 het Mnr Bantjes blameer vir die

verskille en het bygevoeg dat hy probleme gehad het omdat sy instruksies nie uitgevoer is nie. Dit is aan besk.1 uitgewys dat hy op verskeie geleenthede tydens kruisverhoor van Me B sy regsverteenwoordigers se aandag getrek het en met hulle gekonsulteer het.

Die verskille in die stellings wat tydens kruisverhoor gemaak is en besk.1 se getuienis, soos uitgewys deur Me Meintjes, sluit die volgende in.

(I) Dat daar gestel is dat besk.1 gesien het dat Me B se arm vasgemaak word. Besk.1 het in sy getuienis ontken dat hy dit gesien het.

(ii) Dat besk.1 sou getuig dat hy gese het; “Hoekom verneuk jy my?" Besk.1 het ontken dat die inligting van hom af kom.

(iii) Dat hy vyf keer die ander beskuldigdes versoek het om Me B nie beseer nie. Besk.1 kon dit nie onthou nie.

(iv) Die toegewing dat daar kleefband om haar mond was, was besk.1 nie sekervan nie.

(v) Dat hy die getuienis van Mnr Cloete in twyfel trek terwyl dit nooit aan Mnr Cloete so gestel is nie. Besk.1 het geimpliseer dat daar een of ander sameswering was wat die gevolg gehad het dat Mnr Cloete teen hom getuig het.

(vi) Besk.1 kon nie verduidelik hoe hy probeer keer het dat die ander beskuldigdes Me Bonnette nie beseer nie. Al wat hy gese het is dat hy in ’n toestand van skok probeer het om haar te red.

(vii) Hy kon nie onthou of die aanvallers sykouse oor hulle koppe gehad het nie, anders as wat hy getuig het.

Wat betref die kabelbinders en toue waarmee Me Bvasgebind was, het besk.1 geantwoord dat hy nie weet hoe daardie items in die kamer gekom het nie. Hy het ook nie geweet dat die toue toe reeds vasgemaak was nie. Wat die kleefband oor Me B se mond betref het besk.1 gese dat hy die weergawe gehoor het, maar dat sy wel gepraat het en dat sy ook

water gevra het. Besk.1 kon nie verklaar hoekom hy nie Me B losgemaak het toe sy hom gevra het om dit te doen nie. Hy kon onthou dat hy wel met C gepraat het op maar kon nie onthou waaroor nie en kon ook nie onthou waarom Me B vir C wou laat kom nie. Hy het ontken dat hy Me B se liggaam geskend het soos sy getuig het maar het wel erken dat hy ’n naald in haar borste ingedruk het.

Besk.1 is gekonfronteer daarmee dat hy besk. 2 op 48 geleenthede geskakel het vanaf 20 Desember 2011 tot 3 Januarie 2012 en dat besk 2 horn ook baie keer geskakel het. Hy het getuig dat dit hoofsaaklik oor bouwerk was en dat besk. 2 geld wou gehad het. Besk.1 het erken dat hy op 3 Januarie tussen 12h00 en 13h00 veertien selfoonoproepe gemaak het en tussen 13h00 en 14h00 agtien, maar kon nie die individuele oproepe onthou nie. Hy het erken dat Me B hom om 14h43 geskakel het en dat hyself ook sy dogter geskakel het.

Op ‘n vraag van die Hof het besk.1 gese dat hy nie bewus was daarvan dat hy enige misdryf gepleeg het toe hy daardie middag sy huis verlaat het nie. Hy kon egter nie se waarom hy toe bos toe gevlug het nie. Met hervatting van die saak die volgende hofdag het besk.1 egter sy antwoord van die vorige dag gewysig deur te se dat hy wel, toe hy by die huis weg is, besef het dat hy ’n misdryf teenoor Me B gepleeg het maar het volgehou dat hy nie vir C gedood het nie. Besk.1 het erken dat besks. 2, 3 en 4 geen uitgrawingswerk op die erf gedoen het nie maar het bygevoeg dat hulle drie dae daarvoor sou he. Besk.1 het erken dat Bew “W” in die vorm van ’n dagboek was.

26. Ten behoewe van besk.1 is die getuienis van Me T Spangenberg, ’n kliniese sielkundige, aangebied. Me Spangenberg het besk.1 ge- evalueer nadat sy met hom gekonsulteer het en sekere psigometriese toetse op hom uitgevoer het. Sy het ook gebruik gemaak van kollaterale inligting wat sy van vriende van besk.1 en ander persone verkry

het. Me Spangenberg het, wat die spesifieke gebeure van 3 Januarie 2012 betref, en wat aanleiding daartoe gegee het, staatgemaak op die weergawe van besk.1. Sy het nie die hofverrigtinge bygewoon nie behalwe dat sy teenwoordig was ten tye van die laaste gedeelte van besk.1 se kruisverhoor deur Me Meintjes. Sy was gevolglik nie ten voile op hoogte wat betref besk.1 se getuienis in die hof nie. Sover dit die Staat se getuienis aangaan moes Me Spangenberg gebruik maak van mededelings deur besk.1 se regspan, afskrifte van getuieverklarings en ’n gedeelte van die rekord wat reeds getik is. Dit is later tydens kruisverhoor deur Me Meintjes aan Me Spangenberg uitgewys dat ’n deel van die getuienis wat sy gese het sy uit die getikte rekord gekry het nie reg kan wees nie want dit was nog nie eers getranskribeer nie. Me Spangenberg het nie daarop geantwoord nie. Die uiteindelike opinie en gevolgtrekking van Me Spangenberg was dat besk.1 tydens die voorval tydelik nie-toerekeningsvatbaar was nie as gevolg van ’n akute stresversteuring wat opgebou het en veral aangewakker is deur die voorval op Oujaarsaand 2011 toe besk.1 gesien het dat daar sekere intimiteit tussen Me B en ’n vreemde man plaasgevind het. Op 3 Januarie was die vonk in die kruitvat die voorval toe Me B, volgens besk. 1, die “vibrator”, waarna reeds verwys is, op die tafel, waar hulle gesit en gesels het, geplaas het, met die neerhalende opmerking waaroor besk.1 getuig het.

Me Spangenberg het ook sekere psigometriese toetse op besk.1 uitgevoer waarvan die resultate haar kliniese bevinding van besk.1 se psigiese toestand tydens die voorval op 3 Januarie bevestig het. Die een toets is bekend as Millon Clinical Multiaxial Inventory-111 (“MCMI- 111”) wat te doene het met die evaluasie van persoonlike karaktertrekke, of persoonlike afwykings, wat nie openlik tydens ’n kliniese evaluasie waarneembaar is nie. Die resultaat van die toetse het getoon dat daar ’n kennelik verhoogde telling was met betrekking tot die Kompulsiewe Skaal en ook wat die Narsistiese Skaal betref. In hierdie verband het Me Spangenberg ook verwys na die toetsresultate van Mnr J Coetzee, die

Staat se sielkundige, waarmee haar bevindings in hierdie verband ooreenstem. Hierdie verslag van Mnr Coetzee is voorlopig ingehandig as Bew.“Y”. Die telling op die “Post Traumatic Stress Disorder” was ook verhoog. Die sogenaamde “Severe Clinical Syndromes”, het verhoogde tellings getoon ten opsigte van “Major Depressie” en angstigheid. Een van die patologiese afwykings wat Me Spangenberg gevind het was, soos aangedui, Narsissisme. Persone met hierdie afwyking is bekend vir hulle egoistiese self-betrokkenheid en die kenmerk om hulle eie waarde te oorskat. Dit is ’n toestand waarvan die kenmerke is dat so ’n persoon ’n sterk selfbeeld het. Narsistiese woede kan manifesteer in ligte irritasie tot geweldadige optrede. Besk.1 het Me B as sy ondersteuningspersoon in daardie verband ervaar maar sy het hom verloen en hy het met wraak opgetree.

Me Spangenberg het ook getuig dat besk.1, in die toestand wat hy gedurende die voorval was, nie in staat sou wees om enige beplanning te doen nie.

Tydens kruisverhoor deur Me Meintjes het Me Spangenberg toegegee dat indien sekere gedeeltes van die middag se voorval, op die Staat se weergawe, in isolasie beskou word, dit wel voorkom asof besk.1 geweet het wat hy doen. Me Spangenberg het egter volstaan met haar konklusie dat besk.1 nie vir sy dade van daardie middag aanspreeklik kan wees nie al het hy selfs gedeeltes van sy optrede beplan.

Wat betref die inhoud van die dagboek, Bew. “W”, het Me Spangenberg getuig dat die feit dat besk.1 aangeteken het dat hy die Woensdagoggend 7h30, dit is die dag na die gebeure by sy huis, die aantekeninge begin maak het, dit nie noodwendig op daardie tydstip gedoen was nie. Hierdie opmerking van Me Spangenberg was skynbaar bloot haar mening in daardie verband.

Me Spangenberg het egter toegegee dat sekere mededelings van besk.1 aan haar, oor wat gebeur het, verskil van sy getuienis in die Hof. Dit sluit in of besk.1 gesien het dat Me B vasgemaak word en dat hy wel die getuie, Mnr Cloete, gesien het toe hy uit die huis uit is.

27. Besk.1 se saak is gesluit na die getuienis van Me Spangenberg. Die Staat se aansoek vir her-opening van die staatsaak met die doel om sekere deskundige getuienis aan te bied met betrekking tot die vraag na besk.1 se verweer van tydelike ontoerekeningsvatbaarheid, is toegestaan. Die redes volg later.

28. Dit is dienstig om op hierdie stadium na die getuienis van Mnr Jacobus Coetzee, wat deur die Staat aangebied is na heropening van die staatsaak, te verwys. Mnr Coetzee is ’n sielkundige in diens van die Staat, met uitgebreide ondervinding in sy veld, wat oor dekades strek.
Sy verslag, Bew. “Y”, was reeds voorheen voorlopig toegelaat. Dit is gedeeltes van hierdie verslag waarna Me Spangenberg verwys het.
Mnr Coetzee het besk.1 ge-evalueer na verskeie konsultasies en sekere psigometriese toetse. Mnr Coetzee het ook gebruik gemaak van kollaterale inligting wat versamel is deur ’n maatskaplike werkster, Me Estelle du Plessis. Die Staat het beswaar gehad teen die openbaarmaking van die bronne van daardie inligting. Na ’n aanduiding deur die Hof dat die name van die persone wat die inligting verskaf het waarskynlik nie openbaar behoort te word nie, het Mnr Greyling die aangeleentheid daar gelaat. Anders as Me Spangenberg het Mnr Coetzee nie tekens van Narsissisme en Major Depressie by besk.1 gevind wat moontlik tot ’n toestand van tydelike ontoerekeningsvatbaarheid kon lei nie. Mnr Coetzee het nie met die bevinding van Me Spangenberg, naamlik dat besk.1 tekens van

patologiese versteuring getoon het wat tot sy nie-patologiese toestand aanleiding gegee het, saamgestem nie. Mnr Coetzee se bevinding was dat besk.1 wel toerekeningsvatbaar was ten tye van die beweerde pleging van die misdade.

29. Besk. 2 het getuig. Gedurende die week van 16 Desember 2011 het hy besk.1 in Pretoria ontmoet. Besk.1 het iemand nodig gehad om bouwerk by sy huis op Modimolle te doen. Van daardie tyd af het besk. 2 op verskeie geleenthede per selfoon met besk. 1 kontak gehad, gewoonlik oor die boubedrywighede. Besk.1 het hom versoek om twee persone te kry wat sou kon help met die bouery. Op 3 Januarie 2012, vroegoggend, het besk.1 vir besks. 2, 3 en 4 te Hammanskraal opgelaai. Besk. 2 het getuig dat besk.1 ook aan hom gese het dat ’n karavaan gewas moes word asook dat ’n kamer wat vuil was, skoongemaak moes word. Hulle sou ook daar moes slaap aangesien besk.1 nie wou he dat hulle laat moes teruggaan nie. Daar was werk vir 3 dae. Besk. 2 het aan besks. 3 en 4 gese het dat hulle hom met bouwerk moes help nadat die karavaan gewas is. Op pad na Modimolle het hulle by Bela-Bela aangedoen waar hulle kos gekoop het by Spar. Besk.1 het by ’n ander winkel, dit was Pep Stores, ingegaan maar het niks in sy hande gehad toe hy daar uitkom nie. In Modimolle het besk.1 gese hy wag vir sy vrou om die sleutel te bring van die karavaan wat skoongemaak moes word en het hulle drie toe opdrag gegee om blare en takke op te tel. Later het Mnr Dirk vd Merwe daar aangekom waarna hulle drie ook palmbome uitgegrawe wat na ’n ander plek geneem is deur Mnr vd Merwe, vergesel deur besks. 3 en 4. Besk. 2 het gebly om die gate waar die palmbome was toe te maak. Besk.1 het homself in die huis toegesluit. Later het besk.1 gaan kos koop. Terwyl hulle ge-eet het, het besk.1 gese sy vrou gaan laat kom want sy moet eers dinge by haar werk afhandel. Om ongeveer 14h45 het besk.1 weer uit die huis gekom en hulle drie in die huis ingeroep en na ’n kamer geneem waar die seep sou wees waarmee die karavaan gewas moes word. Besk.1 het die kamerdeur toegetrek en se toe dat daar nie ’n karavaan was

wat gewas moes word nie. Besk.1 se toe dat sy vrou nie genoeg van hom kry nie en dat hulle gemeenskap met haar moes hou. Besk.1 het toe sykouse uitgehaal en hulle drie beveel om dit oor hulle koppe te trek sodat sy hulle nie sou kon eien nie. Hulle drie het geweier om dit te doen. Besk.1 het gese dat hy hom nie deur swart mans (hy het die k-woord gebruik) sal laat voorskryf nie en dat hulle moes doen wat hy se. Hy was aggressief en het hulle met ’n vuurwapen, ’n handwapen, gedreig. Op daardie stadium hoor hulle toe 'n voertuig op die erf stop. Besk.1 beveel toe besks. 3 en 4 om in ’n hangkas te skuil. Hy het sy lyfband van sy lyf afgehaal en die deur van daardie hangkas vasgemaak. Besk. 2 is opdrag gegee om agter die deur van ’n ander hangkas te skuil. Hulle het gehoor besk.1 gesels buite die huis met ’n vrou. Besk.1 en die vrou, dit was Me B, het toe in die huis ingekom. Toe hulle twee in die kamer inkom het besk.1 ’n handdoek oor haar kop getrek en haar op die bed gegooi. Sy het haar teengesit. Besk.1 roep toe besk. 2 op sy naam en se hy moet die ander twee mense kry om te help want sy het hard probeer om los te kom. Besk.1 het die vuurwapen in sy broek se band onder sy hemp versteek. Besk. 2 het getuig dat hulle so geskok was dat hulle nie geweet het wat om te doen nie. Besk.1 het Me B met die oop hand geklap en gese. “Bokkie moenie kwaad word nie, hierdie mense gaan jou nie doodmaak nie, hulle is goeie mense.” Me B het aanhoudend gevra dat sy nie doodgemaak moes word nie maar het na die klap stil gebly. Besk.1 het haar beskuldig van ontrouheid, wat sy ontken het. Besk. 2 het op instruksies van besk.1 haar mond met kleefband, wat op die vensterbank was, toegeplak. Besk. 2 wou die kleefband met ’n sker, wat besk.1 aan hom gegee het, korter sny maar die sker het geval toe besk.1 dit wou vat. Besk.1 het toe die res van die kleefband om Me B se kop gedraai. Besk.1 het gese dat aangesien sy nie genoeg van hom kon kry nie, hy die drie swart mans gebring het om met haar geslagsgemeenskap te hou. Me B het dwars oor die bed gele en haar hande is weerskante van haar lyf bokant haar kop vasgemaak. Besk.1 het haar broek uitgetrek en besk. 2 opdrag gegee om homself gereed te maak om met haar gemeenskap te he. Besk.

2 het sy broek afgetrek. Hy het getuig hy was bang en het so gebewe dat sy bene teen die bed gestamp het, wat hy meen Me B net moes gesien het. Besk. 2 het getuig dat hy nie ’n ereksie kon kry nie. Besk.1 se toe hy moet sy privaatdeel vashou om ’n ereksie te kry. Besk. 2 het getuig dat dit nie gehelp het nie. Besk.1 het Me B se bloes toe opgetrek en besk. 2 aangese om aan haar borste te vat sodat hy ’n ereksie kon kry wat besk 2. nie wou doen nie. Besk.1 het aggressief geraak en daar was geen manier waarop besk. 2 nie besk.1 se opdrag kon uitvoer nie. Besk. 2 het op Me B gaan le maar het haar nie gepenetreer nie. Hy het net gemaak asof hy met haar gemeenskap hou. Besk.1 het gesien dat hy dit doen en gese hy moet afklim want hy is hopeloos. Besk. 3 kon ook nie ’n ereksie kry nie en het gedoen wat besk. 2 gedoen het. Besk. 4 het ook dieselfde opdrag gekry. Laasgenoemde het ook nie lank op Me B gele nie toe besk.1 het gese hy is net so hopeloos soos die ander twee en dat hy moes afklim. Hulle drie is toe aangese om in die gang te gaan staan omdat besk.1 met Me B wou praat. Die kamerdeur was nie heeltemal toe nie en besk. 2 het gesien dat besk.1 op sy kniee by Me B staan en met haar praat. Besk.1 het ook haar selfoon uit haar handsak gehaal en met iemand gepraat. Besk. 3 is toe na die kombuisdeur toe. Die deur was nie gesluit nie en hulle drie het uitgehardloop. Iemand het geskree en besk.1 het agter hulle aangehardloop en gedreig dat hy hulle sou kry. Hulle het toe by bome geskuil. Besk.1 het stadig verby gery asof hy na hulle soek. Hulle drie het uiteindelik ’n geleentheid met 'n voertuig gekry en na hulle nog baie ver moes loop, het hulle in die nag by hulle tuistes uitgekom. Besk. 2 het getuig dat hy na die Moot polisiestasie in Pretoria gegaan het om ’n saak te maak teen besk.1 wat hom geld skuld maar dat hy toe na die Pretoria Noord “Small Claims Court” verwys is. As stawing vir sy getuienis het besk. 2 ’n dokument met die Moot Polisiestasie-stempel daarop ingehandig. Dit is gemerk Bew.“Z”. Volgens besk. 2 was hy nie bereid om besks. 3 en 4 uit te wys voordat hy nie geweet het dat besk.1 ge-arresteer is nie.

30. Gedurende kruisverhoor deur Mnr Greyling het besk. 2 bygevoeg dat die vierwiel motorfiets van besk.1, asook kamptoerusting wat besk.1 en sy vriende gebruik het, ook op versoek van besk.1, skoongemaak moes word. Besk. 2 het getuig dat hy nie kon geweet het dat Me B die middag van 3 Januarie by besk.1 se huis sou aankom, as besk.1 hom nie daardie dag daarvan gese het nie. Hy het ontken dat hy bewus was dat die deure van die huis nie gesluit was nie. Hy het ook ontken dat hy die sykouse gekoop het. Hy het erken dat besk.1 en Me B vir ongeveer 10 tot 15 minute buite die huis gesels het. Besk. 2 het volgehou dat besk.1 ’n rewolwer in sy besit gehad het en nie die .22 geweer waaroor Me B getuig het nie.

Besk. 2 het ontken dat hy die instruksies aan Mnr van Rooyen gegee het in soverre die stellings in kruisverhoor met sy getuienis verskil. Dit sluit in of hy gesien het dat Me B die handdoek oor haar kop gehad het toe sy en besk.1 in die kamer ingekom het. In hierdie verband het besk. 2 gese dat daar ’n misverstand tussen hom en Mnr van Rooyen moes gewees het. Die volgende verskil is dat volgens wat Mnr van Rooyen gestel het, besk. 2 deur besk.1 versoek is dat hulle Me B se klere moes uittrek. Besk. 2 het bloot ontken dat dit is wat gebeur het. Besk. 2 het ook ontken dat hy en die ander twee beskuldigdes Me B se hande vasgemaak het en ook dat hy gesien het dat besk.1 Me B se pubiese hare met die hand uitgetrek het soos dit in kruisverhoor deur Mnr van Rooyen gestel is.

Op ’n verdere vraag het besk. 2 gese dat hulle drie tussen 3 en 5 minute in die gang gestaan het nadat besk.1 gese het hulle moet die vertrek verlaat. Op die vraag hoekom hulle drie nie onmiddellik gevlug het toe hulle uit die kamer is nie, het hy gese dat hulle wel dadelik daaraan gedink het maar nie geweet het watter deur oop was nie.
Besk. 2 het ontken dat hulle bagasie gehad het en vir drie dae op die perseel sou bly, soos besk.1 getuig het. Besk. 2 het ook ontken dat hy getuig het dat volgens wat besk.1 aan

hom gese hulle vir drie dae op die perseel sou bly om te werk.
Op die vraag waarom hy nie die misdade wat besk.1 gepleeg het, en wat hy hulle drie laat pleeg het, aan die polisie gerapporteer het nie, het besk. 2 met ’n teenvraag gereageer en gevra aan watter polisie hy dit moes rapporteer.
Hy het ontken dat hulle drie op hulle eie besluit het om Me B te verkrag.

31. Gedurende kruisverhoor deur Mnr van As, het besk. 2 erken dat besk. 3 nie voor 2 Januarie die werk om die karavaan te Modimolle te was, aangebied is nie. Besk. 2 het egter bygevoeg, anders as wat besks. 3 en 4 nou se, hulle hom ook met die bouwerk sou help.
Besk. 2 het erken dat besk.1 aan hom bekend was as “Piet” en het saamgestem dat daar geen plan was dat hulle sou oorslaap nie. Besk. 2 het ontken dat hy saam met besk.1 by Pep Stores in is en gese hy het saamgestap omdat besk.1 nie geweet het waar die winkel was nie.

Besk. 2 het erken dat dit hy was wat aan besks. 3 en 4 vertel het wat besk.1 se versoek was wat hulle met Me B moes doen maar het ontken dat hy uit sy eie aan besks. 3 en 4 gese het wat daar moes gebeur. Besk. 2 het ook erken dat hy aan besks. 3 en 4 megedeel het dat besk.1 nie sy vrou meer kan tevrede stel nie en dat daar ’n ooreenkoms tussen besk.1 en sy vrou was, en dat sy vrou gereeld wou weet wanneer besk.1 dan die drie swart mans sou reel wat met haar gemeenskap sou hou, asook dat Me B sou reageer asof sy nie weet wat aangaan nie, ook dat Me B daarvan hou om vasgemaak te word en dat haar mond toegeplak word. Hy het egter volgehou dat dit is wat hy op instruksies van besk.1 getolk het. Besk.2 het egter ontken dat hy gese het dat dit ’n groot geluk is dat die man sy vrou vir hulle aanbied en dat daar nie fout mee is nie.
Besk. 2 het ontken dat die dreigement met die vuurwapen slegs op besks. 3 en 4 gerig

was. Besk. 2 het ontken dat hy getuig het besk.1 het die belt van sy lyf afgehaal en ook ontken dat besk.1 gese het hulle moet die sykouse oor hulle koppe trek omdat hulle weer daar sou kom werk.

Besk. 2 het ontken dat hy besks. 3 en 4 eers uit die kas gelaat het nadat Me B se broek uitgetrek en sy vasgemaak is, en het getuig dat hulle haar vasgehou het toe besk.1 haar met die kabelbinders vasgemaak het.
Besk. 2 het toegegee dat hy gesien het dat besks. 3 en 4 nie Me B gepenetreer het nie.

Besk. 2 het ontken dat besks. 3 en 4 alleen by besk.1 se huis uit is en dat hy hulle gevolg het en later na die huis teruggekeer het, asook en dat hy hulle ’n rukkie later geskakel het en meegedeel het dat besk.1 se voertuig weg is en dat daar verskeie polisie beamptes by die huis was. Besk. 2 het wel erken dat hy besk. 3 geskakel het toe hy besk.1 se voertuig gewaar het. Besk. 2 het wel erken dat besks. 3 en 4 gese het dat hulle polisie toe wou gaan.

32. Gedurende kruisverhoor deur Me Harmzen is besk. 2 gewys op talle weersprekings in sy weergawe, soos dit tydens kruisverhoor van Me B en besk.1 gestel is, en sy getuienis in hoof en die daaropvolgende kruisondervraging. Die volgende is voorbeelde:
(i) Dat hy in kruisverhoor gese het dat hulle ook in die teenwoordigheid van Me B deur besk.1 met die vuurwapen gedreig is, wat verskil van sy getuienis in hoof;
(ii) Dat sy penis in sy onderbroek was toe hy bo-op Me B gele het, wat nooit tydens kruisverhoor van Me B gestel is nie;
(iii) Dat hy wel herhaaldelik aan besk.1 gese het dat hy nie met Me B wou gemeenskap hou nie, verskillend van sy weergawe toe hy getuig het;
(iv) Dat hy emosioneel was en gehuil en gebewe het toe hy bo-op Me B gele het, wat ook

nie in kruisverhoor aan Me B gestel is nie.

(v) Dat hy vir besks. 3 en 4 gese het om dieselfde as hy te doen deur nie met Me B gemeenskap te hou nie, wat ook nie in kruisverhoor aan Me B gestel is nie.

(vi) Besk. 2 het ontken dat hy tydens kruisverhoor deur Mnr van As gese het dat besk.1 sy lyfband, wat hy in die hof aangehad het, van sy lyf afgehaal het en gebruik het om die kas waarin besks. 3 en 4 was se deure vas te maak. (Op besk. 2 se versoek het besk. 1 wel in die hof sy lyfband afgehaal en dit aan besk. 2 oorhandig.)

Besk. 2 het ontken dat hy op 22 Desember 2011, nadat hy sekere kwotasies vir bouwerk aan besk.1 gegee het en die perseel verlaat het, Me B se bewegings dopgehou het. Hy het volgehou dat hy by ’n vriend, wat hy toevallig raakgeloop het, daar in Modimolle gaan kuier het. Met betrekking tot die sykouse het besk. 2 gese dat hy eers in die kamer gesien het dat die pakkie met sykouse wat besk.1 toe by hom gehad het, ’n Pep Stores etiket opgehad het. Hy het die pakkie sykouse nie voorheen gesien nie. Besk. 2 is ook gevra waarom hy besk. 3 op vyf geleenthede binne die tydsbestek van 1 uur en 10 minute daardie middag van 3 Januarie geskakel het as hy dan, soos hy getuig het, in die teenwoordigheid van besks. 3 en 4 was. Besk. 2 het die rede vir die eerste oproep verklaar as sou hy op daardie stadium 'n geleentheid vir die terugrit na Hammanskraal vir aldrie gaan soek het terwyl besks. 3 en 4 erens geskuil het. Wat die ander vier oproepe betref, het besk. 2 aangevoer dat die oproepe waarskynlik per abuis gemaak moes gewees het toe die selfoon in sy sak was. Die rede waarom hy na 4nm op 3 Januarie, tot die volgende oggend, op 27 geleenthede gepoog het om met besk. 1 kontak te maak was, was om te probeer vasstel waar besk.1 hom bevind het sodat hy daardie inligting aan die polisie kon oordra.

Op ’n vraag van die Hof het besk. 2 getuig dat die deure van die hangkas, waarin besks. 3 en 4 gewag het, met die belt toegemaak is omdat die deure vanself oopgaan. Die deure kon egter van binne af oopgemaak word.

Besk. 2 het ontken dat hulle kon ontvlug toe besk.1 en Me B buitdie huis gesels het en het bygevoeg dat hulle nie geweet het of die deure gesluit was nie, en dat hy op daardie stadium deurmekaar was.

Besk. 2 het verder getuig dat hy nie gesien het toe Me B in die kamer inkom nie maar dat hy wel gehoor het toe sy skreeu. Op die vraag waarom hy nie die polisie geskakel het toe hulle in die kamer gewag het nie, het hy geantwoord dat hy nie geweet het wat die adres was van die plek waar hulle was nie. Hy het ook getuig dat hy herhaaldelik vir besk.1 gese het hy wil nie met Me B gemeenskap hou nie en dat besk.1 gedreig het dat hy hom sou doodmaak. Hy het erken dat hy vir ongeveer 5 minute op Me B gele, maar bygevoeg dat hy sy penis op daardie stadium terug in sy onderbroek geplaas het, en dat hy nooit sy onderbroek afgetrek nie. Hy het ook getuig dat hy gesien het dat beide besks. 3 en 4 ook hulle penisse in hulle onderbroeke, wat nie afgetrek was nie, teruggeplaas het en dat hulle ook nie met Me B gemeenskap gehou het nie.

33. Besk. 3 het getuig dat hy deur besk. 2, wie hy nie persoonlik goed geken het nie, gevra is om behulpsaam te wees om ’n karavaan van besk.1 te help was. Besk. 2 het hom versoek om besk. 4 te kry om te help. Hulle sou R250 tot R300 per persoon betaal word. Op 3 Januarie het hulle drie saam met besk.1 gery. Hy het nie geweet waar die karavaan was nie. Op Warmbad is kos gekoop en besks.1 en 2 is in ’n stadium by Pep Stores in maar het niks in hulle hande gehad toe hulle daar uitkom nie. By sy huis het besk.1 gese hy wag vir sy vrou om die sleutel van die karavaan te bring. Daarna was besks. 2, 3, en 4 behulpsaam met die uithaal en herplant van ’n aantal palmbome. Later die dag het besk.1 hulle drie aangese om na ’n kamer in die huis te gaan. Op die bed was ’n boks. Aan die bed se koppenent was toue vasgemaak. Besk.1 het die deur toegedruk en besk. 2

aangese om aan hulle twee te vertel wat werklik daar gaan gebeur. Besk. 2 het toe gese dat hulle eintlik daar is om met besk.1 se vrou gemeenskap te hou en dat hulle ’n “surprise” moes maak vir die vrou. Besk. 2 het ook gese dat besk.1 en sy vrou ooreengekom het dat dit moes gebeur en dat sy vrou haastig was dat dit moes plaasvind. Sy sou ook maak asof sy nie geweet het wat gaan plaasvind nie. Sy moes ook vasgemaak word en haar mond moes toegeplak word. Besks. 3 en 4 was nie daarmee gediend nie en het geweier om dit te doen. Hulle wou slegs betaling he vir die werk van die palmbome wat hulle uitgehaal het sodat hulle kon gaan. Besk.1 se selfoon het toe gelui en hy is by die kamer uit. Voor hy uit is het besk.1 egter gevra hulle moet saamwerk. Toe besk.1 terugkeer het hy ’n pakkie sykouse by hom gehad en ’n rewolwer. Besk. 2 se toe dat hulle twee weier om saam te werk en net hulle geld wou he en huistoe gaan. Besk.1 het kwaad geword en gese dat hulle moes doen wat hy se anders sal hulle nie lewendig by die huis uitgaan nie. Besk.1 het ook gese dat hulle moet die sykouse oor hulle koppe trek om te verhoed dat hulle herken word as hulle die volgende week terugkeer. Besks. 3 en 4 het gevra waarom die vrou se mond toegeplak moes word. Besk. 2 het gese sy maak ’n geraas as sy gemeenskap hou en dat besk.1 nie wou he die bure moes dit hoor nie. Besk.1 het toe besks.

3 en 4 met die vuurwapen, ’n rewolwer, gedreig en beveel dat hulle in die hangkas moes klim. Besk. 3 het gedink die hangkas se deure was toegesluit want hy het die deure probeer oopstoot maar kon dit nie regkry nie. Later, toe hy weer buite die kas was, het hy gesien dat die deure met ’n belt van buite af vasgemaak gewees het. Na ongeveer twee minute, terwyl hulle nog in die kas was, het besk. 3 ’n vrou hoor skree. Dit het geklink of haar mond toegedruk word. Hy hoor toe ook ’n stem wat se “Andries help”. Hulle twee is toe uit die hangkas gelaat en aangese om langs die hangkas te staan. 'n Nakende vrou het op die bed gele. Sy was met toue vasgemaak. Besk. 2 was besig om haar mond toe te

maak. Besk. 2 het toe sy broek uitgetrek en op die vrou gaan le. Besk.1 het by die koppenent van die bed gestaan. Nadat besk.

2 afgeklim het, het besk.1 gese hulle moes ook gereed maak om met die vrou gemeenskap te hou. Besk. 4 het ongeveer 2 minute op die vrou gele. Nadat besk. 4 afgeklim het, het besk.1 vir besk. 3 gewys om op die vrou te gaan le. Hy het net gemaak of hy sy broek se ritssluiter aftrek maar het nie sy penis uit sy broek gehaal nie. Besk.1 het hom van die vrou afgevat en gese dat hy en besk. 4 uit die kamer moes gaan en in die kombuis gaan sit. Besk.1 het hulle gevolg en gese hulle moet nie die sykouse van hulle koppe afhaal nie. Besk. 3 het aan besk.1 gese dat hulle gedoen het wat hy wou he en dat hulle wou gaan. Besk.1 het gese dat hy vir iemand wag en dat hy hulle sou laat gaan wanneer daardie persoon ge-arriveer het. Besk.1 is terug na die kamer en besk. 2 het uitgekom. Besk. 2 het gese besk.1 wag vir Me B se kind en dat besk.1 die kind wou slaan. Besk.1 het toe besk. 2 geroep. Die kombuisdeur was nie gesluit nie en besks. 3 en 4 is daar uit. Die traliedeur het egter ’n geraas gemaak en besk. 2 het geskree “Hulle is uit!” en agter hulle twee aangehardloop. In die straat het hulle besk. 2 gevra wat hy aan hulle gedoen het. Besk. 2 het gese dis nie hulle probleem nie maar wel die van besk.1 en sy vrou, en dat die twee toe besig was om mooi met mekaar te praat. Besk. 2 is terug na die huis toe maar het ’n rukkie later weer by hulle aangesluit. Toe hulle vir besk. 2 se hulle gaan polisie toe, het besk. 2 gekeer en gese dat besk.1 oppad is na Namibie. Hulle het toe al drie geloop tot by die Warmbad pad. Besk.

2 is egter terug om sy geld te gaan haal en het ’n ietwat later geskakel en gese dat daar polisie by besk.1 se huis was en gevra of hulle die polisie laat weet het. ’n Rukkie later het besk. 2 weer geskakel en gese dat hy die seun se motorfiets by die huis gesien het en dat dit lyk asof besk.1 sy vrou doodgemaak het. Later het besk. 2 weer geskakel, dit het toe

geklink asof hy hardloop. Hy het toe gese dat hy besk.1 se voertuig met 'n hoe spoed sien verbyry het, dat hy besk.1 probeer stop het maar dat besk.1 hom blykbaar nie gesien het nie. Besk. 2 het weer geskakel en gese dat besk.1 na hulle kant toe gery het. By die kragboks waar hulle geskuil het, het hulle ’n voertuig se toeter gehoor. Dit was besk.1, en alhoewel die robot se lig vir hom groen was het hy nie gery nie. Hulle twee het toe ’n geleentheid by ’n man met ’n Ford Bantam bakkie gekry toe besk. 2 daar aangehardloop gekom het. Al drie het toe saamgery. Besk. 3 het geen beserings aan Me B gesien nie. Al wat hy wel gesien het was dat besk.1 haar geklap het. Besk. 3 het gese dat hy geen moeilikheid met besk. 2 gehad het nie, maar dat besks.1 en 2 saamgewerk het en dat hy en besk. 4 nie daarin sou slaag om die twee te oorrompel nie. Besk. 3 het getuig dat besk. 2 hom die volgende oggend geskakel het en gese het dat hy van die moord oor die nuus gehoor het. Besk. 3 het ook getuig dat hy nie aan die polisie gerapporteer het nie omdat, toe hy by die huis van besk.1 weg is, hy nie bloed gesien het nie dat hy niks verkeerds gedoen het nie. Dit was vir hom belangrik om net van die huis af weg te kom alhoewel hy met die vuurwapen gedreig is. Hy het nie die vuurwapendreigement tydens sy borgtogaansoek in sy verklaring, (Bew.“AA”), gemeld nie, omdat hulle drie deur dieselfde regsverteenwoordiger bygestaan is.

34. Gedurende kruisverhoor deur Mnr Greyling het besk. 3 volgehou dat besk.1 'n rewolwer in sy besit gehad het.

35. In kruisverhoor deur Mnr van Rooyen het besk. 3 ontken dat hy op die betrokke dag met besk.1 gepraat het. Besk. 3 het toegegee dat hy kwaad was oor wat met hom gebeur het aangesien sy arrestasie verhoed het dat hy teenwoordig kon wees toe sy meisie geboorte geskenk het aan hulle kind.

36. Me Harmzen het besk. 3 gevra waar hy met besk. 2 staan. Besk. 3 se antwoord was bloot dat besk. 2 teen hom is. Besk. 3 het getuig dat hy nie kon onthou dat hy gese dat die verhouding tussen hulle twee “sharp” was nie. Besk. 3 het ook getuig dat hy op geen stadium op 3 Januarie vir besk. 2 bang was nie alhoewel hulle ’n argument gehad het.

Besk. 3 het getuig dat die gordyne in die kamer oopgetrek was en dat hulle kon sien wat aangaan. Besk. 3 het ontken dat die pleister random Me B se kop geplak was en het getuig dat slegs haar mond toegeplak was. Hy het geen beserings aan Me B gesien nie ook nie dat haar borste ontbloot was nie.

Hy het ontken dat hy sy broek afgetrek het en dat hy ’n ereksie gehad het. Hy het getuig dat hy net met sy hand gemaak het of hy sy penis uit sy broek haal. Hy kon nie verklaar waarom dit nie in kruisverhoor van Me B en besk.1 gestel is dat besks. 1 en 2 saamgewerk het nie. Op ’n vraag van die Hof het besk. 3 getuig dat hy nie polisie toe gegaan het nie omdat hy verbaas en deurmekaar was.

Besk. 3 is gekonfronteer met die selfoonoproepe wat hy gemaak het terwyl hulle oppad na Hammanskraal was. Hy het ontken dat hy ene Baby Tshakane ken en dat hy haar geskakel het. Toe Me Harmzen dit aan besk. 3 uitwys dat die vrou se selfoonnommer op die geheue van sy selfoon gestoor was, het hy naderhand erken dat die vrou wel aan hom bekend is en dat sy inderwaarheid sy vriendin was. Waarom besk. 3 aanvanklik ontken het dat hy weet wie die vrou is, het hy nie verduidelik nie. Besk. 3 het erken dat hy wel ’n lid van die polisie ken, ene Peter, wie ook ’n familielid van hom is, maar dat hy nie daaraan gedink het om hom vir hulp te skakel en nie.

37. Besk. 4 het besk. 3 se weergawe met betrekking tot sy uiteindelike betrokkendheid by

die gebeure op 3 Januarie bevestig. Besk.1 het homself voorgestel as “Pief. Besks. 1 en 2 het saam by Pep Stores te Warmbad ingegaan en uitgekom sonder enigiets in hulle hande. Besk. 4 het ontken dat hulle drie van plan was om by besk.1 se plek oor te slaap. Later die dag het besk.1 hulle in die huis laat inkom en in ’n sekere kamer het hy besk. 2 aangese om aan hulle twee te vertel dat hulle eintlik die dag daar is om met besk.1 se vrou gemeenskap te hou. Besk. 4 het ook besk. 3 se weergawe van wat daarna gebeur het bevestig. Die versoek van besk.1 was vir hom onaanvaarbaar maar besk. 2 het hulle aangemoedig om met die vrou gemeenskap te hou. Toe besk. 2 gevra is hoekom hy hulle nie vooraf vertel het wat sou gebeur nie, het hy gese dat hy net van die karavaan-was storie geweet het. Besk.1 het gese dat hulle nie vir hom sal se wat hy in sy huis mag doen nie en dat hulle nie lewendig uit die huis uit sal kom as hulle nie doen wat hy se nie. Besk.1 was baie kwaad. Besk.1 se selfoon het gelui en hy is uit die kamer uit. Toe hy terugkeer het hy sykouse en 'n rewolwer in sy hande gehad. Besk.1 het besks. 3 en 4 met die vuurwapen gedreig en beveel om in die hangkas te klim. Die deure is van buite af met ’n belt vasgemaak en kon van binne af net op ’n skrefie oopgedruk word. Die deure sou breek as hy dit moes probeer oopforseer en hy was nie bereid om dit te doen nie omdat hy bang was wat besk. 1 sou kon doen. Na ’n rukkie het besk. 4 voetstappe gehoor en dat besk. 1 met ’n vrou oor gordyne praat. Kort daarna het die vrou geskree en dit het geklink asof haar mond toegedruk word. Besk. 4 kon sien dat besk.1 die vrou, Me B, op die bed neergooi en het gehoor dat hy vir “Andries” roep om te help. Besk. 2 het toe gehelp om haar met kabelbinders vas te maak. Besk.1 het haar klere uitgetrek en besk. 2 het haar mond toegeplak. Besk. 2 het hulle op versoek van besk.1 uit die hangkas laat kom. Besk.1 het nie die rewolwer in sy hand gehad nie, dit was onder sy hemp by sy linkersy ingedruk. Besk.1 het sy hand op sy linkersy geplaas hulle twee beveel om by die deur van die kamer te gaan staan. Besk.1 het vir besk. 2 gese om met Me B gemeenskap te hou. Besk. 2 het sy broek tot by sy kniee afgetrek. Hy het ook ’n onderbroek aangehad. Na ’n rukkie het

besk.1 gese besk. 2 moet afklim. Me B het om haar geskop. Besk.1 het haar geklap en gese sy moet stil le en ook aan haar gese die mense gaan haar nie doodmaak of seermaak nie en dat dat hulle bloot daar is om seker te maak dat sy luister. Sy het gevra waarom hy toelaat dat die mense met haar gemeenskap hou. Besk. 1 het gese dit is omdat sy daarvan hou en dat sy met ander mans rondloop. Hy het ook gevra wie die man met die rooi Volvo was. Besk.1 het toe gese besk. 4 moet met haar gemeenskap hou. Besk. 4 het nie sy broek afgetrek nie maar net sy broek se ritsluiter oopgetrek en bo-op haar gaan le het. Besk.1 het hom weggevat het en gese het dat hy nie weet wat hy doen nie. Besk. 4 het ontken dat hy Me B gepenetreer het en gese dat hy nie ’n ereksie gehad het nie. Besk.1 het besk. 3 toe nader geroep. Besk. 3 het op Me B gaan le sonder dat hy sy broek uitgetrek het. Besk.1 het toe gese dat hulle “useless” was en hulle aangese om kombuis toe te gaan omdat hy met sy vrou wou praat. Besks.1 en 2 het hulle egter na die kombuis gevolg. Besks. 3 en 4 het toe die sykouse van hulle koppe afgetrek en besk.1 het met hulle daaroor geraas. Hy het ook gese hulle moet stilbly in die kombuis terwyl hy met sy vrou gaan praat. Besks.1 en 2 is toe terug na die kamer toe. Terwyl hulle in die kombuis was het besk. 2 kom kyk wat hulle doen. Besk. 4 het besk. 2 gevra om besk.1 te vra om die deur oop te maak sodat hulle kon loop. Besk.1 het toe daar ingekom en gevra wat hulle se. Besk.1 was in daardie tyd besig op sy selfoon en het in die gang op en af geloop. Besk.1 het gese dat hy vir hulle sou oopmaak nadat hy met sy vrou gepraat het en het weer met sy vrou in die kamer gaan praat. Besk. 2 het ook na die kamer toe gegaan. Besk. 4 het verder ook besk. 3 se weergawe oor hoe hulle uit die huis uit is bevestig. Volgens besk. 4 het hy besk. 2 daarvan beskuldig dat hy vooraf geweet het wat werklik die dag sou gebeur. Daar was toe ’n woordewisseling en ’n vingerwysing tussen besks. 3 en 4 en besk. 2. Besk. 2 het gese dat dit nie hy is wat die vuurwapen op hulle gerig het nie en dat hy nie van die nuwe planne geweet het nie. Terwyl besks. 3 en 4 besig was om ’n saamry-geleentheid te soek, het besk. 2 weer geskakel en gevra of hulle besk.1 se

voertuig gesien het. Toevallig het hulle toe besk.1 se voertuig by ’n stopteken sien stop. Die voertuig het ’n rukkie daar gestaan en ander voertuie het agter die voertuig getoet.Hulle twee het weggekruip en besk.1 se voertuig het toe omgedraai. Die volgende oggend het besk. 2 by besk. 4 se huis aangekom en hom meegedeel dat hy oor die nuus gehoor het besk.1 het Me B seergemaak en haar kind doodgemaak. Besk. 4 het getuig dat hy groot geskrik toe hy dit gehoor het want hy was nie daar toe daardie dinge gebeur het nie. Besk. 2 het ook gese as hulle vir die polisie sou gaan se wat gebeur het sal die hele ding op hulle neerkom want besk.1 het reeds gevlug. Hy het ook gese dat hy wat besk. 2 is, sy hande in onskuld sou was, hy sou se dat hy nie daar was nie. Besk. 4 het getuig dat hy nie polisie toe is nie omdat hy nie geweet het of hy by die gebeure betrokke was nie. Hy het ook nie geweet of hy aangekla sou word nie; hy het ook nie geweet of hy met die gebeure saamgespeel het nie en hoe hy by die gebeure gemoeid was nie. Hy het ook nie geweet wat Me B vir die polisie sou se nie.

38. In kruisverhoor deur Mnr Greyling het besk. 4 gese dat hy in lewensgevaar verkeer het en het volstaan daarmee dat besk.1 hom met ’n rewolwer gedreig het. Oor die verskille in sy weergawe soos gestel in kruisverhoor en sy getuienis in die hof, het hy geantwoord dat hy slegs die “skeleton" van sy weergawe aan Mnr van As gegee het en dat hy daardie feite met sy getuienis aanvul. Dit is ook aan besk. 4 gestel dat toe hy en besks. 2 en 3 in die kamer was en besk.1 in die gang, dit ’n ideale tyd was om ’n plan te maak om te vlug. Besk. 4 het geantwoord dat hy toe reeds bang was vir besk.1 en het ook bygevoeg dat besk.1 die huis se sleutels by hom gehad het.

Op ’n vraag van die Hof waarom hy oor die voorval getuig toe besks. 1 en 2 by Pep Stores winkel te Bela-Bela in is, as dit nie relevant tot die saak is nie, het besk. 4 bloot gese dat hy dit gesien het.

39. Mnr van Rooyen het besk. 4 gevra wanneer hy die eerste keer agtergekom het dat besks. 1 en 2 saamwerk. Hy het geantwoord dat hy dit besef het toe besks. 1 en 2 Me B vasgehou het en haar op die bed vasgemaak het. Besk. 4 het verder gese dat hy nie vir besk. 2 gevra het wat hy en besk.1 besig is om te doen nie omdat hulle twee die dinge reeds beplan het en dit sou plaasvind of hy dit sou goedkeur of nie, en as hy nie sou doen wat hy gese is nie, hy doodgemaak sou word. Besk. 4 het ook getuig dat terwyl besk. 2 aan hulle vertel het wat hulle moes doen, besk.1 dit beaam het met die woorde “D/s waar, dis waar”. Hierdie woorde het besk. 4 in Afrikaans herhaal. Op die vraag waarom hy nie die voorval aan die polisie gaan rapporteer het toe hulle by die huis uit is nie, het hy geantwoord dat hy nie geweet het wat daar gebeur het toe hulle daar weg is nie en dat hy ook nie geweet het of iemand hulle sou glo nie.

40. In kruisverhoor deur Me Harmzen het besk. 4 getuig dat hy betaling vir die dag se werk net met besk. 2 bespreek het. Besk. 2 het gese dit sal tussen R250 en R300 wees. Besk. 4 is daarmee gekonfronteer dat die betaling vir drie persone om ’n karavaan te was dus tussen R750 en R900 sou wees, wat ’n baie hoe bedrag is vir daardie werk. Hy het geantwoord dat dit is wat aan hom gese is. Wat die betaling vir die uithaal van die palmbome betref het besk. 2 vir hom gese dat hy self vir besk.1 daaroor moes vra. Dit het hy gedoen. Besk.1 het egter net na hom gekyk en niks gese nie. Besk. 4 het in Afrikaans met besk.1 gepraat. Met betrekking tot die sykouse oor hulle koppe het besk. 4 getuig dat besk.1 gese het dat hulle die sykouse oor hulle koppe moes trek sodat hy kon sien hoe dit lyk. Besk.1 het toe voor hulle gestaan, na hulle gekyk en gese dis reg en dat hulle in die hangkas moes inklim. Me Harmzen het aan besk. 4 gestel dat hierdie getuienis, dat besk.1 die sykouse vir hulle gegee het ook nuwe getuienis was. Besk. 4 het geantwoord dat hy die een is wat gesien wat daar gebeur het aangesien hy teenwoordig was, maar dat hy wel

sekere goed kon uitgelaat het omdat die voorval lank terug gebeur het. Alhoewel besk. 4 aanvanklik ontken het dat hy en besk. 3 in die hangkas met mekaar gepraat het, het hy later bygevoeg dat hulle wel vir mekaar gefluister het oor hoekom hulle die sykouse oor hulle koppe moes trek en wat nou gaan gebeur. Hy was baie bang en het ook nie kans gesien om die hangkas se deure te breek nie aangesien besk.1 kwaad sou gewees het as hy dit sou doen. Besk. 4 het ook bygevoeg dat hy deurmekaar was en nie kon dink wat besig was om te gebeur nie. Hy het ook getuig dat hy nie vir besk. 2 gevra het om die deur oop te maak nie omdat besk. 2 self betrokke was. Volgens besk. 4 het hy en besk. 3, nadat hulle uit die hangkas gekom het, opdrag gekry om by die deur van die kamer te staan. Besk. 4 het toe 'n penskets wat hyself geteken het, wat aandui wie waar gestaan het, aan die Hof opgehandig. Die skets is Bew.“BB” gemerk. Die skets toon Me B wat op die bed vasgemaak is, besks. 1 en 2 wat aan die een kant van die bed staan en besks. 3 en 4 waar hulle by die deur van die kamer staan. Me Harmzen het aan besk. 4 uitgewys dat volgens foto 36 van Bew.“F” daar nie plek was vir besks.1 en 2 om te staan soos hy dit op die skets aangedui het nie. Besk. 4 het geantwoord dat die bed na die tyd geskuif kon gewees het. Besk. 4 het ook getuig dat Me B wel gepraat het maar dat sy nie gegil en geskree het nie.

Besk. 4 het nie geweet na watter motorfiets besk. 2 verwys het toe hy hulle per selfoon ingelig het dat daar polisie en ’n motorfiets by die huis van besk.1 was nie.

Besks. 3 en 4 se getuies.

41. Volgens Mnr Maloka Sepshedi, ’n familielid van besk. 4, was hy teenwoordig toe besk. 2 by ’n sekere bymekaarkomplek, genaamd Tuck Shop, gese het dat sy werkgewer twee mense soek om sy karavaan en potte wat hulle tydens die feestyd gebruik het, te was. Besk. 3 wat teenwoordig was, was bereid om die werk te aanvaar. Mnr Sepshedi het

geweet dat besk. 3 vir besk. 4 ken, en het aan besk. 3 gese dat hy nie besk. 4, wat ook werkloos was, moes vergeet nie. Mnr Sepshedi was nie seker van die datum van daardie voorval nie en het gese dat dit aan die einde van die jaar, 2011, kon gewees het.

42. Kst. Mojapelo het getuig dat hy die toneel waar die beweerde misdade gepleeg was die middag van 3 Januarie 2012 besoek het. Daar was ander lede van die polisie ook op die toneel. Hy het verneem dat die drie swartmans opdrag gekry het van besk.1 om met Me B gemeenskap te hou. Hy kon nie se by wie hy dit gehoor het nie.

43. Brigadier Molaudsi, die mediaskakelbeampte van die SAPD in Limpopo het getuig dat hy verskeie mediavrystellings oor hierdie saak self opgestel het. Hy het van Lt. Kol. Shahemetzi, die hoof van die ondersoekeenheid van die saak, sekere inligting ontvang wat hy geverifieer het. In die mediavrystellings is dit gestel dat die swartmans gedwing was om met Me B gemeenskap te hou. Hy het egter nie die inligting met die ondersoekbeampte, A/O Kruger, bespreek nie. Hy het ook nie insae tot die getuieverklarings in die dossier gehad nie.

44. Mnr Rex Bonnette, die vader van C, het getuig dat Me B, die dag na die gebeure, net nadat sy haar getuieverklaring aan die polisie gemaak het, aan hom vertel het dat besk.1 die swartmans met ’n geweer aangehou het en gedwing het om haar te verkrag nadat hy gedreig het hy gaan hulle doodskiet.

Onder kruisverhoor deur M E Harmzen het Mnr Bonnette gese dat dit is wat Me B gese het en dat hy haar nie misverstaan het nie. Hy het egter toegegee dat hulle altwee tydens daardie gesprek baie emosioneel was as gevolg van C se dood. Hy was in ieder geval meer begaan oor C se moord as die verkragting van Me B. Dit is gedurende argument op

rekord geplaas dat Mnr Bonnette die bron was van verskeie artikels wat in die media gepubliseer is wat verwys het daarna dat besk.1 die ander drie gedwing het om met Me B gemeenskap te hou.

BEWYSLAS

45. Die Staat moet die saak teen die beskuldigdes bo redelike twyfel bewys. Dit sluit ook in bewys van die feit dat, wat besk.1 betref, in soverre dit handel oor sy pleit van tydelike ontoerekeningsvatbaarheid ten tye van die beweerde pleging van die misdrywe, dat hy wel geweet het wat hy doen en beheer oor sy optrede gehad het.

Sien in hierdie verband die saak van S v Eadie 2002 (1)SASV 294 HHA waar die volgende op p 666 par [2] verskyn.

“It is well established that when an accused person raises a defence of temporary non-pathological criminal incapacity, the State bears the onus to prove that he or she had criminal capacity at the relevant time. It has repeatedly been stated by this Court that:

(i) in discharging the onus the State is assisted by the natural inference that in the absence of exceptional circumstances a sane person who engages in conduct which would ordinarily give rise to criminal liability, does so consciously and voluntarily;

(ii) an accused person who raises such a defence is required to lay a foundation for it, sufficient at least to create a reasonable doubt on the point;

(Hi) evidence in support of such a defence must be carefully scrutinized;

(iv) it is for the Court to decide the question of the accused’s criminal capacity, having regard to the expert evidence and all the facts of the case, including the nature of the accused’s actions during the relevant period. ”

Sien ook S v Humphreys 2013(2) SASV1 HHA, par [9] en [10].

46. Oor die kwessie of die bewyslas met betrekking tot besk.1 se verweer van tydelike

ontoerekeningsvatbaarheid op die Staat rus, is die Hof, tydens die aansoek om her-opening van die Staat se saak, deur Me Meintjes na Art 78(1 B) van die Strafproseswet, wat as volg lees, verwys:

"Wanneer die strafregtelike toerekenbaarheid van 'n beskuldigde met betrekking tot die verrigting van 'n handeling of versuim wat 'n misdryf uitmaak in geskil is, rus die bewyslas met betrekking tot die beskuldigde se strafregtelike toerekenbaarheid op die party wat die saak ge-opper het. "

Me Meintjes het egter tydens die betoogstadium aan die hand gedoen dat hierdie Hof nie nodig het om oor die vraag of hierdie artikel van toepassing is te beslis nie, omdat die Staat in ieder geval daarin geslaag het om te bewys dat besk.1 inderdaad toerekeningsvatbaar was tydens die gewraakte gebeure.

47. Dit is, na my mening, egter van belang om die volgende oor die aangeleentheid te se. Artikels 77 en 78 van die Strafproseswet handel met patologiese ontoerekeningsvatbaarheid. Genoemde artikels dek nie die situasie van tydelike, of nie-patologiese, ontoerekeningsvatbaarheid nie. Wanneer die bepalings van artikel 78(1 B) gevolglik in konteks gelees word, blyk dit dat dit nie op tydelike ontoerekeningsvatbaarheid van toepassing is nie. Indien dit die wel geval sou wees, sou mens verwag het dat die Wetgewer spesifiek sou bepaal dat vermelde artikels ook gevalle van tydelike, ofte-wel nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid, sou insluit. Dit is duidelik nie die geval nie. Gevolglik is die bevinding van hierdie Hof dat die dictum in die Eadie saak steeds van krag is, naamlik dat die bewyslas, betreffende tydelike ontoerekeningsvatbaarheid, op die Staat rus.

48. Indien dit egter wel argumenteerbaar so is dat die Wetgewer bedoel het dat Artikel 78(1 B) van die Strafproseswet ook op gevalle van tydelike ontoerekeningsvatbaarheid

van toepassing is, blyk dit dat sodanige bepaling strydig mag wees met die Handves van Menseregte, meer spesifiek Artikel 35(3)(g) van die Konstitusie, Wet 108 van 1996, wat bepaal dat die reg op 'n billike verhoor die vermoede van onskuld, en die reg op stilswye, insluit. Kortom, 'n beskuldigde behoort nie die bewyslas te dra om 'n element van die beweerde misdryf, wat in 'n geval soos die onderhawige, waar dit handel oor toerekeningsvatbaarheid, wat op die skuldelement betrekking het, te dra nie. In die lig van my bevinding in par. 47 hierbo, vind ek dit onnodig om die aangeleentheid verder te bespreek, behalwe om na die saak van S v Kok 2001(2) SASV 106 HHA, te 110 par [7], waar hierdie aangeleentheid obiter ter sprake gekom het, te verwys.

Heropening van die Staat se saak.

49. Die rede waarom die Staat se aansoek om her-opening van die staatsaak toegestaan is, is die volgende. Ingevolge die Ead/e-beslissing was besk.1 genoodsaak om 'n basis vir sy verweer van tydelike ontoerekeningsvatbaarheid te le. Gedurende die stellings wat in kruisverhoor aan Me B gemaak is, het die basis van besk.1 se verweer nie duidelik geblyk nie. Uit sy getuienis, merendeel tydens kruisverhoor, het dit voorgekom dat besk.1 ten tye van, meer spesifiek die gebeure by sy woning op 3 Januarie 2012, of amnesie het, of sekere gedeeltes erken, of ontken dat sekere van die gebeure hoegenaamd plaasgevind het. Dit was eers nadat besk.1 getuig het, tydens die getuienis van Me Spangenberg, besk.1 se sielkundige getuie, dat die basis van besk.1 se verweer in perspektief op rekord geplaas is. Me Spangenberg se verslag, wat ingehandig is as Bew."X", was nie voor die sluit van die staatsaak aan die Staat beskikbaar gestel nie. Die aansoek om her-opening van die staatsaak met die doel om deskundige getuienis met betekking tot besk.1 se verweer aan te bied, was dus geregverdig. In die getuienis van Me Spangenberg is daar ook, in ieder geval, verwys na sekere gedeeltes van die verslag van Mnr Jacobus Coetzee, die Staat se sielkundige getuie. Mnr Coetzee se verslag, waarna Me

Spangenberg verwys het, was op daardie stadium nie deel van die getuienis voor die Hof nie.

Wyse waarop getuienis ge-evalueer moet word.

50. Ten einde te beslis of die Staat sy saak bo redelike twyfel teen die beskuldigdes bewys het, moet die Hof die totaliteit van die getuienis in ag neem. In die saak van S v Trainor 2003 (1) SASV 35 HHA op p 41

par [9], is die riglyne in hierdie verband as volg her-bevestig.

“A conspectus of all the evidence is required. Evidence that is reliable should be weighed alongside such evidence as found to be false. Independently verifiable evidence, if any, should be weighed to see if it supports any of the evidence tendered. In considering whether evidence is reliable, the quality of that evidence must of necessity be evaluated, as must be corroborative evidence, if any. Evidence, of course, must be evaluated against the onus on any particular issue or in repect of the case in its entirety. ”

51. Uiteraard sluit die uiteindelike bevinding met betrekking tot wat bewys is, die vraag in of die beskuldigdes se verweer, wat dit ookal mag wees, redelik moontlik waar is of nie. Wat hierdie aspek betref is die verwysing in Trainor, par [8], na die bespreking in S v Van Aswegen 2001(2) SASV 97 HHA, te p101a -e, van S v Van Der Meyden 1999 (1)SASV 447 (W) te 449h - 450b, toepaslik. Die aanhaling uit laasgenoemde saak lees as volg:

“It is difficult to see how a defence can possibly be true if at the same time the State’s case with which it is irreconcilable is ‘completely acceptable and unshaken’. The passage seems to suggest that the evidence is to be separated into compartments, and the ‘defence case’ examined in isolation, to determine whether it is so internally contradictory or improbable as to be beyond the realm of reasonable possibility, failing which the accused is entitled to be acquitted. If that is what was meant, it is not correct. A court does

not base its conclusion, whether it be to convict or acquit, on only part of the evidence. The conclusion which it arrives at must account for all the evidence.

The proper test is that an accused is bound to be convicted if the evidence establishes his guilt beyond reasonable doubt, and the logical corollary is that he must be acquitted if it is reasonable possible that he might be innocent. The process of reasoning which is appropriate to the application of that test in any particular case will depend on the nature of the evidence which the court has before it. What must be borne in mind, however, is that the conclusion which is reached (whether to convict or to acquit) must account for all the evidence. Some of the evidence might be found to be false; some of it might be found to be unreliable; and some of it might be found to be only possibly false or unreliable; but none of it may be simply ignored. ”

52. Alvorens die Hof dus tot enige bevinding kan geraak moet die Hof bepaal, indien moontlik, na oorweging van al die getuienis, wat wel gebeur het met betrekking tot die gebeure op die dag van die 3 Januarie 2012 by die huis van besk 1, met inagneming van die feit dat die Staat die bewyslas dra en die weergawe van die beskuldigdes slegs redelik moontlik waar hoef te wees. In hierdie verband is die volgende gese deur Nugent AR, in S v Mbuli 2003(1) SASV97 HHA te p110 par [57]:

“It is trite that the State bears the onus of establishing the guilt of te appellant beyond reasonable doubt, and the converse is that he is entitled to be acquitted if there is a reasonable possibility that he might be innocent (R v Difford 1937 AD 370 at 373,383.) In S v Van Der Meyden 1999(2) SA 79 (W, which was adopted and affirmed by this Court in S v Van Aswegen 2001(2) SACR 97 (SCA), I had occasion to reiterate that in whichever form the test is applied it must be satisfied upon consideration of all the evidence. Just as the Court does not look at the evidence implicating the accused in isolation to determine

whether there is proof beyond reasonable doubt, so too does it not look at the exculpatory evidence in isolation to determine whether it is reasonably possible that it might be true. In similar vein the following was said in Moshepi and Others v R LAC (1980-1984) 57 at 59 F-H, which was cited with approval in S v Hadebe and Others 1998 (1) SACR 422 (SCA) at 426f-h:

"The question for determination is whether, in the light of all the evidence adduced at the trial, the guilt of the appellants was established beyond reasonable doubt. The breaking down of evidence into its component parts is obviously a usefull aid to a proper understanding and evaluation of it. But, in doing so, one must guard against a tendancy to focus to intently the separate and individual part of what is, after all, a mosaic of proof. Doubts about one aspect of the evidence led in a trial may arise when that aspect is viewed in isolation. Those doubts may be set at rest when it is evaluated again together with all the available evidence. That is not to say that a broad and indulgent approach is appropriate when evaluating evidence. Far from it. There is no substitute for a detailed and critical examination of each and every component in a body of evidence. But, once that has been done, it is necessary to step back a pace and consider the mosaic as a whole. If that is not done, one may fail to see the wood for the trees. "

Sien ook Sithole v S (868/11) [2011] ZASCA 85.

53. Dit volg ook logies dat slegs wanneer genoemde bevinding gemaak is, kan die getuienis van die deskundige getuies, Me Spangenberg en Mnr Coetzee, in konteks ge-evalueer word.

54. In hierdie saak is dit onbetwis, wat aanklag 1 betref, dat C vermoor is. In soverre dit die ander aanklagtes aangaan is dit eweneens onbetwis dat Me B op die 3 Januarie 2012 aangeval is, dat sy op 'n bed vasgemaak en gemuilband is, dat sy daarna baie ernstig

aangerand is, wat seksuele aanranding insluit, en dat sy seksueel gepenetreer is. Dit staan dus vas dat ernstige misdade ten opsigte van Me B gepleeg is. Wat in geskil is is die aard van die misdrywe wat gepleeg is en die vraag of die beskuldigdes regtens daarvoor verantwoordelik gehou kan word.

55. Die Staat se saak was dat besks. 1 en 2 verantwoordelik is vir die moord van C en dat al vier die beskuldigdes aanspreeklik is vir die misdade teen Me B. Behalwe deur te pleit dat hy tydelik ontoerekeningsvatbaar was, het besk.1 hoofsaaklik die blaam, in soverre Me B aangeval en verkrag is, op besks. 2, 3 en 4 gepak en aangevoer dat hulle drie alleen aanspreeklik is. Besk.2 het volstaan daarmee dat besk.1 alleen vir die moord op C verantwoording moet doen, en, wat Me B betref, dat hy geen skuld het nie aangesien hy deur besk.1 gedwing was. Besks. 3 en 4 het besk.1 beskuldig dat hy hulle gedwing het om betrokke te raak, en vir besk.2 dat hy met besk.1 saamgewerk het.

56. In die lig daarvan dat sekere getuienis wat die Staat aangebied het, wat insluit die getuienis oor die naspoor van relevante selfoonoproepe, deur die beskuldigdes erken is, is dit, wat die bewyswaarde daarvan betref, slegs nodig om die betrokke oproepe in konteks in ag te neem.

57. Me Meintjes, aktief bygestaan deur Me Harmzen, het geargumenteer dat die Hof die getuienis van Me B moet aanvaar en dat die Staat die saak bo redelike twyfel bewys het. Dit sluit in dat besk.1 wel toerekeningsvatbaar was tydens die pleging van die misdade. Mnr Greyling aangevoer dat die Staat nie bewys het dat besk.1 toerekeningsvatbaar was nie, dat Me B se getuienis nie geloofwaardig is nie en dat besk.1 se weergawe van die gebeure in ieder geval redelik moontlik waar is. Mnr van Rooyen en Mnr van As het ook geargumenteer dat Me B se getuienis nie aanvaar behoort te word nie, en dat besks. 2, 3

en 4 se weergawes redelik moontlik waar is.

58. Me B was 'n enkelgetuie met betrekking tot wat met haar gebeur het en wat sy gehoor het met C gebeur het. Haar getuienis moet dus met die nodige versigtigheid bejeen word. Die Staat het gesubmitteer dat Me B ’n goeie en geloofwaardige getuie was. Al drie die regsverteenwoordigers van die beskuldigdes het egter verskeie punte van kritiek teen die aanvaarding van Me B se getuienis gehad. Omvattende argumente is deur beide die Staat en die verdediging in daardie verband aan die Hof voorgehou. Die hoofpunte van kritiek, en hierdie Hof se bevinding daaroor, is as volg.

(i) Dat daar geen positiewe DNS resultate op die bewysstukke en smere, wat van Me B geneem is, gevind is nie, terwyl positiewe DNS resultate redelikerwys verwag sou word as haar getuienis waar was aangaande die beweerde verkragtings en ander dade wat die beskuldigdes na bewering met haar gepleeg het.

In hierdie verband het die Staat verwys na die getuienis van Lt. Kol. Botha se getuienis wat reeds bespreek is.

Ek is tevrede dat die redes wat Lt. Kol. Botha verskaf het vir die afwesigheid van positiewe DNS resultate, oortuigend en aanvaarbaar is.

(ii) Dat daar sekere media-publikasies bestaan, onder andere in Die Huisgenoot, met die inhoud dat besk.1 Me B se liggaam geskend het nadat sy deur die ander drie verkrag is, in teenstelling met haar getuienis in die Hof dat dit andersom plaasgevind het.

Me B het in kruisverhoor ontken dat sy dit so aan die betrokke joernalis vertel het. Die outeur van die betrokke artikel het nie getuig nie, en gevolglik het dit geen getuieniswaarde nie en kan die inhoud daarvan nie deur die Hof in ag geneem word nie.

(iii) Dat media-vrystellings oor die saak wat deur Brigadier Molaudzi, van die Limpopo Provinsie Media Eenheid van die SAPD opgestel is, wat aandui dat besks. 2, 3 en 4 gedwing was om Me B te verkrag, welke inligting waarskynlik net van haar afkomstig kon

wees, en wat teenstrydig is met haar getuienis in die hof.
Brigadier Molaudzi het getuig dat hy daardie inligting deur 'n senior lid van die ondersoekspan laat verifieer het. Die betrokke lid het egter nie getuig nie en Brigadier Molaudzi het nie die dossier onder oe gehad of met die ondersoekbeampte, A/O Kruger, gekonsulteer nie. Daar was gevolglik nie getuienis dat Me B die bron van daardie inligting was nie, veral gesien in die lig darvan dat sy haar getuieverklaring, waarin daardie inligting glad nie voorgekom het nie, reeds die dag net na die gebeure gemaak het.
(iv) Dat Me B aan Mnr Rex Bonnette vertel het hoe besks. 2, 3 en 4 in haar teenwoordigheid deur besk.1 met 'n vuurwapen gedwing was om haar te verkrag, en met die dood gedreig is as hulle dit nie sou doen nie, wat eweneens teenstrydig is met haar getuienis in die Hof.
Die probleem met hierdie getuienis van Mnr Bonnette, wat Me B tydens kruisverhoor ontken het, is dat selfs besks. 2, 3 en 4 op geen stadium van so ’n voorval melding gemaak het nie. Dit is net logies dat daardie gebeurtenis, as dit plaasgevind het, ’n baie groot rol in hulle verweer sou kon speel en dat dit absoluut ondenkbaar is dat hulle nie daarvan gebruik sou maak nie. Dit volg dus onvermydelik dat dit aanvaar kan word dat so 'n voorval nie plaasgevind het nie en dat dit nie binne Me B se kennis kon gewees het nie. Indien Me B dit wel aan Mnr Rex Bonnette vertel het sou dit ’n leuen wees en sou dit ook ingehou het dat sy valslik die mans wat haar na bewering verkrag het wou bevoordeel. Dit rym net nie. Dit is so onwaarskynlik dat sy dit sou doen dat daardie getuienis van Mnr B verwerp word.
(v) Dat Me B in haar getuienis oor aspekte getuig het wat nie in haar getuieverklaring gemeld was nie en sekere besonderhede eers tydens kruisverhoor verskaf het.
Dit is voldoende om in hierdie verband bloot op te merk dat dit waarskynlik in die meeste sake gebeur. Dit is alombekend, en gebeur elke dag dat getuies uitbrei op die inhoud van hulle getuieverklarings. Indien ’n getuie nie wesenlik afwyk van die inhoud van so 'n

verklaring nie, is kritiek van hierdie aard ongegrond. Die Hoogste Hof van Appel het hierdie aspek op verskeie geleenthede op dieselfde wyse benader.

(vi) Dat Me B, volgens Dr van Rensburg, aan hom sou gese het dat sy nie anaal gepenetreer is nie, wat teenstrydig is met haar getuienis in die Hof.

In hierdie verband is reeds daarna verwys dat Dr van Rensburg, wat nooit voorheen ’n J88 vorm voltooi het nie, erken het dat hy nie alles aangeteken het wat Me B aan hom oorgedra het nie. Dit sal gevolglik onbillik wees om hierdie beweerde weerspreking teen Me B te hou. Dit hoort eerder voor die die deur van die dokter.

(vii) Dat Me B nie die beserings aan haar geslagsdeel opgedoen het nie wat in omstandighede verwag kan word nadat drie mans haar na bewering verkrag het. Dit sluit ook die besering in wat sy behoort opgedoen het toe besk.1 haar, volgens haar getuienis, inwendig met ’n tang beseer het.

Wat betref beserings aan die geslagsdele van ’n verkragtingsslagoffer, het Dr Grabe dit duidelik gestel, soos tydens die opsomming van haar getuienis aangetoon, dat beserings na ’n verkragting nie noodwendig verwag word nie. Die feit dat die inwendige besering nie presies op die plek is wat Me B oor getuig het nie, is van uiters geringe belang. Die feit bly staan dat die mediese getuienis inderdaad bewys dat sy ’n inwendige besering opgedoen het. Dit staaf haar getuienis in wese.

(viii) Dat Me B ’n leuen vertel het dat die gebeure in die kamer op die selfoon van haar ouers opgeneem is op die geleentheid toe sy haar selfoon ge-aktiveer het. Die selfoonstate wat deur die Staat ingedien is het geen sodanige selfoonkontak geregistreer nie.

Uit die selfoonstate blyk dit egter dat wel selfoon kontak tussen besk.1 se selfoon en Me B se ouers se selfoon in daardie tyd was. Om dus te argumenteer dat Me B in hierdie verband ’n leuen vertel het, is sonder substansie en ruk die hele aangeleentheid uit verband uit. Daar was in ieder geval geen rede waarom Me B daaroor ’n leuen sou vertel

nie. Daardie insident was van min belang.

59. Me B was vir meer as vier dae in die getuiebank en is indringend en dikwels aanvallend deur drie ervare en bekwame regslui gekruisverhoor. Wat tydens die gebeure in die huis plaasgevind het, selfs net op die onbetwisde feite, moes vir haar fisies, en psigies, ’n uiters traumatiese, skokkende, vernederende en pynlike ervaring gewees het. Dit sou dus nie vreemd gewees het as sy met tye onseker kon wees oor wat gebeur het, of haarself tot ’n mate aan rekonstruksie skuldig gemaak het nie. Wanneer ’n getuie gebeure rekonstrueer, of leuens vertel of oor iets getuig wat nie gebeur het nie, gebeur dit baie maklik, en dit leer die praktyk, dat so ’n getuie gedurende kruisverhoor, van die aard en omvang soos in hierdie saak, homself of haarself weerspreek en rekonstruksie en leuens dan blootgele word. Dit het nie met Me B gebeur nie. Sy het haarself nie weerspreek nie en het die gebeure duidelik, chronologies en sinvol aan die Hof oorgedra. Soos te verwagte het sy soms emosioneel geraak. Die Hof moes per geleentheid verdaag om haar die geleentheid te gee om haar emosies onder beheer te bring. Wanneer sy nie heeltemal seker was nie en moontlik met betrekking tot sekere aspekte foutief kon gewees het, het sy dit geredelik toegegee. ’n Voorbeeld hiervan is dat sy onder kruisverhoor deur Mnr van As toegegee het dat sy, wat volgorde betref, besks. 3 en 4 kon omgeruil het. Natuurlik is sy nie volmaak nie, maar sy was sonder enige twyfel ’n goeie, geloofwaardige en betroubare getuie. ‘n Waarborg van die betroubaarheid van haar getuienis word ook gevind in sommige gedeeltes van haar getuienis soos byvoorbeeld waar sy getuig het dat sy besks. 2, 3 en 4 tevergeefs met haar oe gesmeek het om haar te help. Dit is uiters onwaarskynlik dat sy dit sou kon versin. Haar getuienis oor wat met haar gebeur het,word in ieder geval deur die volgende gestaaf:

(i) Onmiddelik nadat sy deur Mnr Cloete en Me vd Merwe ontset is, het Me B gevra waar die drie persone is wat haar verkrag het. Hierdie gedrag van Me B is vereenselwigbaar en

konsekwent met gedrag wat redelikerwys in die omstandighede van 'n verkragtingsslagoffer verwag kan word.

(ii) Die getuienis van besks. 2, 3 en 4, waar dit ooreenstem met Me B se getuienis oor besk.1 se optrede, aksies en gedrag. Hierdie getuienis het hoofsaaklik betrekking op die versoeke wat besk.1 aan die ander drie gerig het, insluitende dat hulle met Me B gemeenskap moes hou.

(iii) Die botsende weergawes van besks. 2, 3 en 4 oor wie Me B vasgemaak het. Besk. 2 het ontken dat hy betrokke was terwyl besks 3 en 4 getuig het dat hulle gesien het dat besk. 2 vir besk.1 daarmee gehelp het.

(iv) Die aanpassing van besks. 3 en 4 se getuienis van die dreigement en intimidasie deur slegs besk.1 tot by die nuwe getuienis dat besks. 1 en 2 eintlik saamgewerk het.

(v) Geen teken van die rewolwer waarmee besks. 2, 3 en 4 beweer hulle gedreig is, is na die tyd gevind nie. Daar is getuienis dat die enigste handwapens wat op besk.1 se naam geregistreer was ’n paar jaar gelede deur besk.1 aangemeld is as gesteel, en dat dit nooit teruggevind is nie. Daar was dus geen ander getuienis dat besk.1 waarskynlik in besit van ’n rewolwer

gewees het nie. Dit is ook onwaarskynlik dat besk.1 die .22 geweer op Me B sou gerig het as hy ’n rewolwer in sy besit gehad het en ook net so onwaarskynlik dat Me B oor die .22 sou getuig het as besk.1 nie fisies die wapen in haar teenwoordigheid hanteer het nie. Die .22 geweer is dan ook deur besk.1 gebruik om C te skiet en die geweer is later in die huis gevind.

(vi) Die erkenning van besks. 3 en 4 dat besk.1 hulle nie in die teenwoordigheid van Me Bonnette met die rewolwer gedreig het nie. Besk 2 het egter sy weergawe in daardie verband met nuwe getuienis aangepas, naamlik dat hy wel in Me B se teenwoordigheid deur besk.1 met die rewolwer gedreig is.

(vii) Die getuienis van Mnr Cloete en Me vd Merwe dat Me B op die bed vasgemaak was,

dat haar mond toegeplak was, en dat sy in ’n erge emosionele toestand was toe sy daar gevind is.

(viii) Die getuienis van Dr van Rensburg met betrekking tot die beserings wat hy gevind het tydens sy ondersoek van Me B, naamlik dat tekens van seksuele penetrasie waarneembaar was.

(ix) Die getuienis van Dr Grabe met betrekking tot die aard en omvang van beserings wat by ’n verkragtingsslagoffer verwag kan word.

(x) Die getuienis van Dr Kritzinger oor die aard en omvang van die beserings aan Me B se borste. Dit sluit in die skending van haar borste deurdat die tepels verwyder is asook die perforering van die prosteses.

60. ’n Groot deel van besk.1 se getuienis het gehandel oor wat vooraf tussen hom en Me Bonnette gebeur het. Dit sluit in die vooruitsig en hoop wat hy gekoester het om die verhouding tussen hulle te herstel. Me B se getuienis was dat op 3 Januarie alles tussen hulle reeds verby was. Skynbaar was besk.1 nie bereid om te aanvaar dat Me B ander mansgeselskap kon geniet nie. Dit blyk dat hy uiters jaloers was, wat hom daartoe gedryf het om Me B op Oujaarsaand 2011 by ’n vakansieoord te gaan dophou. Besk.1 se getuienis oor die gebeure op 3 Januarie moet gevolglik teen daardie agtergrond oorweeg word met inagneming van sy verweer van tydelike ontoerekeningsvatbaarheid en al die ander getuienis, wat ook die getuienis van al drie sy medebeskuldigdes insluit. Besk.1 beskuldig hulle drie van die aanval op Me B, terwyl hulle drie weer besk.1 die hoofdader maak. Die waarskynlikhede speel natuurlik ook ’n rol. Dit beteken dat daar realisties na die getuienis gekyk moet word met die doel om te bepaal of spesifieke gebeure waarskynlik is of dalk so onwaarskynlik dat dit net nie redelik moontlik waar kan wees nie.

61. Besk.1 het homself verskeie kere weerspreek met betrekking tot wat presies in die

kamer gebeur het. Daarna is reeds verwys. Van die weersprekings tussen sy getuienis en wat deur Mnr Bantjes in kruisverhoor aan Me B gestel is, het hy toegeskryf aan Mnr Bantjes wat nie sy instruksies na behore uitgevoer het nie. Hierdie verduideliking van besk.1 het nie water gehou nie. Dit was opmerklik gedurende die kruisondervraging deur Mnr Bantjes, dat besk.1 op ten minste agt geleenthede Mnr Bantjes se aandag getrek het, waarna deur mnr Bantjes, en besk.1 se opdraggewende prokureur, met toestemming van die Hof, terwyl die Hof in sitting was, met hom gekonsulteer het voordat Mnr Bantjes met die kruisverhoor voortgegaan het. Dit het dan ook gebeur dat Mnr Bantjes, na so ’n konsultasie, ’n stelling, of ’n vraag, teruggetrek het en met ’n ander stelling of vraag vervang het. Die meeste van die weersprekings waarna reeds verwys is, is egter nie verduidelik of opgeklaar nie. Besk.1 se weergawe dat die drie gemaskerde swart mans vir Me B aangeval het en dat hy hulle net omgestamp het en later versoek het om Me B net nie seer te maak nie, omdat hy haar wou red, is absoluut onrealisties en onwaarskynlik. Om daardie weergawe van besk.1 as redelik moontlik waar te aanvaar sal belaglik wees. Dit sal inhou dat dit bevind moet word dat besks. 2, 3 en 4 uit eie beweging die aanval op Me B moes beplan het terwyl nie een van hulle, onafhanklik van besk.1 kon geweet het van Me B se besoek later die dag, of dit geantisipeer het nie. Die weergawe van besk.1 dat hy net wou keer dat Me B nie beseer word nie, is tasbaar onwaar. Die getuienis teen besk.1 is oorweldigend. Om te bevind dat besk.1 se weergawe redelik moontlik waar, sal nie net belaglik wees nie maar ook strydig met die beginsel, waarna reeds verwys is, dat as die Hof bevind dat die Staat se weergawe onomseilbaar is, daar nie ruimte is vir ’n bevinding dat ’n beskuldigde se weergawe redelik moontlik waar kan wees nie.

62. Wat betref die beplanning wat die Staat beweer, is die volgende aspekte, in totaliteit gesien, van die meeste belang. Die herhaalde kontak tussen besk.1 en besk. 2 vanaf 20 Desember 2012 tot 3 Januarie 2013 en die verduideliking dat die 48 telefoonoproepe wat

besk.1 na besk. 2 gemaak het gedurende daardie tyd bloot gehandel het oor die voorgenome bou bedrywighede en voorskiet van fondse, is in die omstandighede uiters verdag. Wanneer die aankoop van die sykouse by Pep Stores in ag geneem word, welke sykouse later die dag as vermomming van besks. 2, 3 en 4 gebruik is, begin die prentjie 'n definitiewe kleur kry. Hiermee saam gaan die feit dat die toue en die kabelbinders, waarmee Me B vasgemaak is, reeds gereed en voorberei was, duidelik vir daardie doel, voordat sy by die huis aangekom het; die verskuiling van die drie gemaskerde mans in die donker kamer terwyl hulle wag dat Me B in die kamer ingebring word deur besk.1; die metodiese muilband van Me B met die maskeerband, wat gerieflik beskikbaar was; asook die gebruik van die martelinstrumente, of apparaat, wat vooraf in die kamer gestoor was. Wat 'n verdere bydrae lewer is die leuenagtige weergawe van besk.1 dat besks. 2, 3 en 4 die aanval op Me B met 'n eie agenda beplan en uitgevoer het. Die feit dat C na die huis gelok is, nadat besk.1 aan Me b gese het hy gaan hom doodskiet, wat gekulmineer het in C se dood, is ook 'n faktor wat boekdele spreek.

Dit blyk moontlik te wees dat besk.1 se planne skeef geloop het toe Mnr Cloete onverwags saam met C by die huis aangekom het en besk.1 waarskynlik nie kon besluit het wat om met hom te doen nie.

63. Genoemde feite, wat onteenseglik voorafbeplanning bewys, het 'n noodlottige impak gehad op besk.1 se verweer van tydelike ontoerekeningsvatbaarheid. Alhoewel besk.1 se getuienis tot 'n mate opgesom is, is gedeeltes daarvan bykans verbatim aangehaal. Die rede daarvoor behoort ooglopend te wees. Dit was opmerklik dat besk.1, alhoewel hy in die algemeen genee was om redelik baie te praat, besonder aandag gegee het aan die besonderhede van die gebeure van 3 Januarie, vanaf net na sonop, dwarsdeur die dag totdat hy sy woning daardie middag verlaat het. Besk.1 het die gebeure vanaf ongeveer 15 minute voor die aanval op Me B in detail beskryf, maar toe die misdade gepleeg word, het

daar skynbaar selektiewe amnesie by hom ingetree. Vandaar af het hy van die gebeure nie onthou nie, of nie beleef nie, en eienaardig genoeg was hy ook nie konsekwent met wat hy nie onthou of beleef het nie, en het hy die plaasvind van sommige gebeure selfs spesifiek en pertinent ontken. Hierdie toedrag van sake is uiters verdag en glad nie aanduidend daarvan dat besk.1 waarskynlik nie geweet het wat hy doen nie. Me Spangenberg se vertrekpunt was die weergawe van besk.1, wat insluit wat Me B aan hom sou gese het oor die toekomstige gebruik van die vibrator, wat eintlik die ontsteking was van wat gelei het tot sy emosionele toestand van disassosiasie. Me Spangenberg het nie die ware feite, naamlik dat besk.1 die aanval op Me B en die reeling dat drie swart mans met haar gemeenskap moes hou, vooraf beplan het, in ag geneem of selfs hoegenaamd oorweeg nie. Me Spangenberg het ook op die weergawe staatgemaak dat Me B sonder besk.1 medewete deur drie gemaskerde swart mans in die huis aangeval is. Dit is duidelik dat besk.1 Me Spangenberg mislei het en ’n valse weergawe oor wat in die huis gebeur het aan haar voorgehou het.

64. Die getuieniswaarde van ’n deskundige se opinie hang van verskeie faktore af, waarvan die belangrikste is of die deskundige, in ’n geval soos die onderhawige, die korrekte feite van die saak in ag geneem het. Indien die deskundige nie die korrekte feite in ag geneem het nie, mag dit aan die einde van die dag uiters moeilik wees om enige bewyswaarde aan die betrokke deskundige se opinie te heg. Alhoewel Me Spangenberg egter ook van kollaterale inligting asook sekere psigometriese toetse gebruik gemaak het, ten einde haar konklusie te bereik, kan haar uiteindelike bevinding nie in isolasie aanvaar word as bewys van besk.1 se beweerde toestand van disassosiasie nie. Die objektiewe feite negeer die bevinding van Me Spangenberg in die geheel. Die beginsels uitgespel in die Eadie-saak is steeds van toepassing en is deeglik in ag geneem. In hierdie verband is dit dus duidelik dat daar baie meer peil getrek kan word op die getuienis van Mnr Coetzee,

die Staat se sielkundige, wie vanuit die staanspoor die Staat se weergawe, wat die Staat geslaag het om bewys, aanvaar het.

65. Die getuienis dat besk. 2 van meet af aan met besk.1 saamgewerk het, is oorvloedig en verdoemend. Die beplanning deur besk.1, waarna reeds verwys is, sluit besk. 2 in. Die kontak tussen besks. 1 en 2 duidelik gelei tot wat deur die Staat beskryf is as ’n “besondere verhouding”. Dit lei geen twyfel nie dat besk.1 onwaarskynlik sy voorbereidings, dit sluit in die voorbereiding van die kamer vir die aanval op Me B, alleen sou uitgevoer het. Die sykous-aankope by Pep Stores is ook ’n sprekende voorbeeld en bewys van beplanning. Dit blyk asof besks. 1 en 2 op die waarskynlikhede beide by die sykous-aankoop betrokke was. Die sykouse, drie pare, was ’n belangrike skakel in die ketting van hulle voorbereiding.

66. Soos voormeld het besks. 2, 3, en 4 van meet af aan besk.1 daarvan beskuldig dat hy hulle met ’n rewolwer gedreig het om met Me B gemeenskap te hou. Dit was egter opmerklik dat al drie met Me B saamgestem het dat hulle nie in haar teenwoordigheid in die kamer enigsins deur besk.1 gedreig is nie. Besk. 2 het later, tydens kruisverhoor, sy weergawe aangepas deur by te voeg dat hy wel in die teenwoordigheid van Me B deur besk.1 met die vuurwapen gedreig is. Selfs Mnr van Rooyen, wie vir besk. 2 verskyn het, het geensins op hierdie aanpassing van besk. 2 se weergawe gesteun nie. Daardie weergawe van besk. 2 word summier verwerp. Die eienaardige van die weergawe van besks. 2, 3 en 4 dat hulle deur besk.1 met ’n rewolwer gedreig is, is dat ’n mens werklik sou verwag dat so-iets eintlik sou gebeur het in die teenwoordigheid van Me B toe hulle gewys het dat hulle nie genee was om met haar gemeenskap te hou nie en dat hulle teen hulle sin en wil uitvoering aan besk.1 se opdragte sou gee. Trouens, die teendeel het volgens Me B gebeur. Haar getuienis was dat al drie vrywilliglik deelgeneem het. Op

besks. 2, 3 en 4 se weergawe, terwyl besk.1 bewus dat hulle nie wou saamwerk nie, is daar hoegenaamd geen rede waarom besk.1 nie toe die rewolwer op hulle sou gerig het nie. Dit sou logieserwys die mees gepaste tyd vir besk.1 gewees het om op daardie stadium die rewolwer op hulle te rig. Daar was geen rede waarom besk.1 nie sou wou he dat Me B die rewolwer sien nie, veral in die lig daarvan hoe besk.1 haar later met allerlei voorwerpe mishandel het. Dat sy die rewolwer sou sien sou waarskynlik die geringste van sy probleme gewees het. Besks. 3 en 4 se weergawe dat besk.1 sy hand suggestief op sy heup geplaas het, waar hulle gedink, of aanvaar het, sy vuurwapen was, pas nie in nie en kan sondermeer verwerp word. Alhoewel Me B in kruisverhoor toegegee het dat besk.1 moontlik ’n rewolwer onder sy hemp aan sy sy kon gehad het, het sy dit nie gesien nie en dit ook nie gevoel toe besk.1 teenaan haar was nie. Hierdie weergawe van besks. 2, 3 en 4 moet ook oorweeg word teen die getuienis van Me B oor besk.1 se hantering van die .22 geweer. As besk.1 wel in besit was van die rewolwer sou hy haar sonder twyfel eerder met die meer hanteerbare rewolwer gedreig het as met die geweer. Mnr Greyling se argument dat daar hoegenaamd nie ’n vuurwapen in besk.1 se besit was op daardie tyd nie, hou nie water nie. Daar was geen rede waarom Me B die hantering van die .22 geweer deur besk.1 sou versin nie. Die geweer is dan ook op die toneel gevind nadat besk.1 Conrad daarmee geskiet het. Die beweerde dreigement met die rewolwer moet verder ook oorweeg word teen die agtergrond van die omstandighede soos beskryf deur besks. 2, 3 en 4 waartydens hulle vir hulle lewe gevrees het en nie die geleenheid gehad het om hulle teen besk.1 te verweer of te vlug nie. Besk. 2 se weergawe kan sondermeer as vals verwerp word in die lig daarvan dat dit bo redelike twyfel bewys is dat hy met besk.1 saamgewerk het. Besks. 3 en 4 het die eerste keer in hulle getuienis daarna verwys dat besk. 2 eintlik met besk.1 saamgewerk het en dat hulle twee nie kans gesien het om teen beide besks. 1 en 2 weerstand te bied en hulle te oorrompel nie. Dit was duidelik 'n aanpassing in hulle getuienis om ’n verskoning te fabriseer waarom hulle nie teen besk.1

opgetree het of selfs probeer het om te ontvlug nie. Dit was glad nie besks. 3 en 4 se saak, soos dit in die fynste besonderhede aan Me B en besk.1 gedurende kruisverhoor gestel is nie. Besks. 3 en 4 het hulle weergawes met die verloop van die saak aangepas het om vir hulle 'n meer gunstige beeld in die omstandighede te probeer skep. Besks. 3 en 4 se weergawe dat hulle kwaad was vir besk. 2 omdat hy hulle in daardie situasie laat beland het, word genegeer deur die feit dat hulle twee in besk. 2 se geselskap terug is na Hammanskraal, waarvandaan hulle gekom het, en dat hulle nie, terwyl hulle voldoende geleentheid daarvoor gehad het, die voorval by die polisie te Modimolle, of enige ander polisiestasie, aangemeld het nie.

Uit beide besks. 3 en 4 se eie getuienis het dit geblyk dat hulle ook verskeie geleenthede gehad het om ten minste die uitvoering van besk.1 se opdragte te ontwyk. Die volgende geleenthede het voorgekom:

(i) Besk.1 en Me B het vir 10 tot 15 minute buite die huis gesit en gesels terwyl besks. 2, 3 en 4, gemaskerd, vir hulle in die kamer gewag het, wel wetende dat van hulle verwag word om teen hulle sin Me B vas te maak en met haar gemeenskap te hou. Hulle weergawe dat hulle nie geweet het of die deure van die huis gesluit was nie, is ’n uiters swak verskoning sonder substansie. Dit is net logies dat enige persoon in daardie omstandighede elke moontlike poging sou aanwend

om, terwyl hy nie in onmiddelike gevaar verkeer nie, te probeer wegkom. Op hulle eie weergawe het besks. 3 en 4 geen sodanige poging aangewend nie.

(ii) Terwyl besks.1 en 2 met Me B op die bed besig was en haar vas te hou en vas te maak, kon besks. 3 en 4 by die kamerdeur uitgegaan het. Hulle getuienis dat hulle op daardie stadium nog in die hangkas was, is direk strydig met Me B se aanvaarde weergawe. Die weergawe van besks. 3 en 4 dat hulle nie die hangkas van binne af kon oopmaak nie, is onrealisties en blatant onwaar.

(iii) Daar was geen getuienis deur besks. 3 en 4 dat hulle deurentyd onder toesig en

beheer van of besk.1 of besk. 2 was nie. Die deur van die kamer was nooit gesluit nie en besks.1 en 2 het hulle aandag by Me B bepaal.

(iv) Besk.1 het besks. 3 en 4 ook, op hulle eie weergawe, op verskeie geleenthede alleen gelaat nadat hulle twee in die gang gaan staan het, terwyl besk.1 met Me B in die kamer gepraat het.

(v) Na die gebeure het besks. 3 en 4 steeds met besk. 2 ge- assosieer op pad na hulle onderskeie tuistes.

67. Die getuienis van al die beskuldigdes is so deurspek met weersprekings en onwaarskynlikhede, met in agneming van die bewese feite, dat dit onomwonde bevind word dat besks. 3 en 4 nie deur besk.1 met ’n vuurwapen gedreig is nie, en dat hulle weergawe as leuens, en nie- redelik moontlik waar nie, verwerp behoort te word. Dit is ook insiggewend dat beide Me B en besk. 2 getuig het dat besks. 3 en 4 om die beurt gehelp het om Me B se bene vas te hou terwyl een van hulle op haar gele het. Hierdie getuienis is direk botsend met besks. 3 en 4 se aangepaste weergawe dat hulle naby die deur gestaan het, met ander woorde weg van die bed af, toe besk. 2 op Me B gele het. Besk. 3 het selfs sover gegaan om te getuig dat hy weggekyk het van die toneel wat op die bed afgespeel het. Hierdie weergawe van besks. 3 en 4 is eweneens leuenagtig. Dit volg dus logies dat daar voldoende getuienis is dat besks. 3 en 4 wel vrywillig en opsetlik deelgeneem het aan wat met Me B gebeur het.

68. Mnr van As het geargumenteer dat die Staat nie bewys het dat besks. 3 en 4 deel was van enige voorafbeplanning deur besks.1 en 2 om Me B aan te val en leed aan te doen nie. Die feit dat besks. 3 en 4 die karavaan-was werk aangebied is op ’n onbekende plek, ver van hulle tuistes af, teen betaling van R250 tot R300 per persoon vir die drie van hulle, is op sigself verdag. Die getuienis van besks. 2, 3 en 4 dat die karavaan later ook ’n tent,

en ander kampuitrusting, asook naderhand besk.1 se vierwiel motorfiets, ingesluit het, was duidelik fabrikasies om hulle weergawe by die dagloon te laat inpas. Die weergawe van besk. 2 dat hulle twee ook met bouwerk sou help, wat hulle ontken het, maak hulle pleit van onkunde al hoe meer verdag. Besks. 3 en 4 se weergawe dat hulle onwetend, en onskuldig, by die insident met Me B betrek is, het momentum gekry met die aankoop van die drie paar sykouse by Pep Stores, Bela Bela, wat later deur hulle as vermomming gebruik is. Die aankoop van die kouse het beide besks. 3 en 4, op hulle eie weergawe, nie gesien gebeur nie, maar tog moes die Pep Stores episode so 'n blywende indruk op hulle gemaak het dat hulle spontaan getuig het dat besks.1 en 2 by daardie winkel in is en uitgekom het sonder enigiets in hulle hande. Dit regverdig net een redelike afleiding en dit is dat hulle op daardie stadium reeds bewus was waarvoor die sykouse gebruik sou word. Tesame met hierdie aspekte moet in ag geneem word die getuienis van Me B dat hulle vrywillig aan die gebeure deelgeneem het. Wat die saak vir besks. 3 en 4 verder versleg is dat hulle leuens vertel het met betrekking tot die beweerde dreigement met die rewolwer deur besk.1 en ook wat betref hulle versuim om te vlug toe die geleenthede, op hulle eie weergawe, voorgedoen het, asook om steeds met besk. 2 te assosieer na die voorval. Wat ook teen besks. 3 en 4 militeer is die onwaarskynlikheid dat besks.1 en 2, in die lig van die voorafbeplanning om die misdrywe te pleeg, mededaders so te se van die straat af sou kry om hulle met hulle bose dade te help. Die risiko daaraan verbonde sou net te groot wees. Besks. 1 en 2 se vertroue in besks. 3 en 4 is toe inderdaad ook nie geskaad nie. Besks. 3 en 4 het nooit by die polisie uitgekom nie en is net deur knap speurwerk van die ondersoekbeampte, A.O.Kruger, opgespoor. Alhoewel daar 'n verdenking mag bestaan dat besks. 3 en 4 waarskynlik meer weet van die voorafbeplanning van die aanval op Me Bonnette, voor daardie oggend van 3 Januarie, as wat uit die getuienis blyk of van die redelikerwys van die omstandighede afgelei kan word, kan dit sonder twyfel bevind word dat toe hulle by besk.1 se huis aangekom het, hulle reeds bewus was daarvan, en hulle

daarmee geassosieer het, dat Me B aangeval en verkrag sou word. Hulle was selfs bereid om die hele dag daarvoor te wag. Daar was niks anders wat hulle daardie middag by besk.1 se woning gehou het nie.

69. Die verdere vrae wat ontstaan is welke misdrywe die Staat bewys het en of al vier beskuldigdes aan daardie misdrywe skuldig is.

70. Dit is duidelik dat die Staat bewys het dat besk.1 op aanklag 1 vir die dood van CB verantwoordelik is. Die Staat se argument is dat besk. 2 ook op aanklag 1 skuldig bevind behoort te word op grand van die volgende feite:

(i) Besk. 2 het met besk.1 saamgesweer om die misdrywe teenoor Me B te pleeg;

(ii) Besk. 2 het geweet dat besk.1 C laat kom het en het ook geweet dat C op pad was;

(iii) Besk. 2 het die hek dopgehou en besk.1 daarop attent gemaak het dat C, daar aangekom het;

(iv) Besk. 2 het geweet dat besk.1 vir C wou leed aandoen;

(v) Besk. 2 was te alle relevante tye betrokke by wat reeds aan Me B gedoen is insluitende dat besk.1 haar met die geweer gedreig het;

(vi) Besk. 2 het besef dat C nie toegelaat kon word om te bly lewe as hy sy ma in daardie toestand sou gesien het nie.

Na my mening staan genoemde feite vas.

Mnr van Rooyen het toegegee dat as hierdie feite bevind word, besk. 2 as medepligtige aan moord skuldig is.

Ek meen egter dat die Staat se submissie reg is dat besk. 2 wel op die feite subjektief voorsien het dat besk.1 vir C gaan doodmaak en dat besk. 2 gevolglik in die omstandighede ook as mededader aan C se moord skuldig is.

Dieselfde geld egter nie vir besks. 3 en 4 nie. Daar is nie voldoende getuienis dat hulle twee, wat hierdie aanklag betref, in dieselfde situasie as besk. 2 was nie. Die Staat het toegegee dat aanklag 1 nie teen hulle bewys is nie.

71. Wat aanklag 2 betref, die beweerde menseroof, spreek die onbetwiste feite vanself. Me B is duidelik opsetlik deur al vier beskuldigdes van haar vryheid beroof toe sy oorval, vasgehou en vasgemaak is. Al vier die beskuldigdes het 'n gemeenskaplike doel gehad om haar van haar vryheid te beroof. Sy is deurentyd, selfs nadat die beskuldigdes die toneel verlaat het, as gevolg van hulle optrede, totdat sy deur Mnr Cloete en Me vd Merwe bevry is, van haar vryheid beroof. Daar is dus geen sprake van ’n verdubbelling van aanklagtes nie.

72. Met betrekking tot aanklagtes 3, 4, en 5 was elkeen van die beskuldigdes betrokke deurdat hulle Me Bbeurtelings verkrag het terwyl hulle mekaar bygestaan het.

73. Wat betref aanklag 6 is die fisiese ontering en penetrasie van Me B deur besk.1 gepleeg. Die ander drie was teenwoordig en het van meet af aan die aanval op Me B deelgeneem en het hulle deur hulle eie optrede met besk.1 se dade geassosieer. Dit is gevolglik duidelik dat besks. 2, 3 en 4 daadwerklik besk.1 bygestaan het toe hy Me Bonnette so aangerand het, en dat hulle al drie dus in daardie verband mededaders was. Aanklagtes 3, 4, 5 en 6 was ’n gesamentlike optrede deur al vier beskuldigdes.

74. Met betrekking tot aanklag 7, poging tot moord, het die Staat gesteun op die getuienis van Dr Manuru, naamlik dat wanneer ’n persoon mishandel word op die wyse wat Me B mishandel is, die trauma van die ervaring kan veroorsaak dat so ’n persoon se hart kan gaan staan en die persoon sterf. Dit volg dat as ’n hof bevind dat die dader in so ’n geval

voorsien het dat die slagoffer mag sterf as gevolg van die mishandeling, die hof kan bevind dat moord inderdaad gepleeg is. Sou die hof egter nie op die feite kan bevind dat die dader die dood van die slagoffer wel voorsien het nie, in teenstelling met dat die dader dit redelikerwys moes voorsien het, sal die element van opset om te dood afwesig wees, en sal moord nie bewys wees nie. Dieselfde beginsel geld waar die slagoffer nie gesterf het nie en die Staat slegs poging tot moord beweer het. Ten spyte van die voormelde opinie van Dr Manuru is ek van mening dat die Staat nie bo redelike twyfel bewys het dat die omvang van die mishandeling en van Me B, en die beserings wat sy opgedoen het, van so ’n aard was dat die besuldigdes voorsien het dat dit haar dood tot gevolg sou he nie.

Die Staat het verder aangevoer dat die beskuldigdes aan poging tot moord skuldig is omdat besk. 2 HIV positief was. Die getuienis, Erkenning 7, is egter dat besk. 2 na die voorval HIV positief getoets is. Daar is geen getuienis op rekord dat enige van die beskuldigdes bewus was of besk. 2 ten tye van die pleging van die verkragtingsdade HIV positief was nie.

Die Staat kon gevolglik nie skuld, in hierdie geval opset om te dood, in enige van sy vorms, bewys nie.

Dit is egter onteenseglik so dat enige persoon wat ’n ander mens op die wyse, soos in hierdie saak gebeur het, mishandel en beseer, die opset het om die betrokke slagoffer ernstig te beseer. Aanranding met die opset om ernstig te beseer is ’n bevoegde uitspraak op ’n aanklag van poging tot moord en dus kan die beskuldigdes so skuldig bevind word sonder dat een van die alternatiewe aanklagtes van aanklag 7 ter sprake kom. Dit blyk in ieder geval dat die misdrywe wat in aanklagtes 7.1, 7.2, en 7.3 beweer word, oorvleuelend gedek word deur ’n skuldigbevinding aan aanranding met die opset om ernstig te beseer

as bevoegde uitspraak op die aanklag van poging tot moord wat in Aanklag 7, die hoofaanklag beweer is.

Die verdere vraag wat beantwoord moet word is of besks. 2, 3 en 4 ook strafregtelik aanspreeklik gehou kan word op hierdie aanklag. Daar is reeds daarop gewys dat besks. 2, 3 en 4 aktief betrokke was by aanklagtes 2 tot 6 en dat hulle ook gehelp het om Me B se bene beurtelings vas te hou toe sy verkrag is. Al drie het besk.1 dus daadwerklik bygestaan en was bykans heeltyd teenwoordig toe sy deur besk.1 aangerand is. Daar was duidelik ’n gemeenskaplike opset bewys. Die regsbeginsels is ge-yk. Sien S v Thebus 2003 2 SASV 319 KH.

Deur besk.1 behulpsaam te wees met die menseroof, wat ook aanranding insluit, en deel te he aan die verkragting, het besks. 2, 3 en 4 hulle ook ge-assosieer met die aanranding op Me B deur besk. 1 in hulle teenwoordigheid, op dieselfde basis as wat aanklag 6 betref en is besks. 2, 3 en 4 dus net so skuldig aan die aanranding op Me B as besk. 1.

BEVINDING

1. Besks. 1 en 2 word skuldig bevind op aanklag 1.

2. Besks. 3 en 4 word vrygespreek op aanklag 1.

3. Besks. 1, 2, 3 en 4, word skuldig bevind op aanklagtes 2, 3, 4, 5, en 6 soos aangekla, en op die hoofaanklag van aanklag 7, aan aanranding met die opset om ernstig te beseer.

AJ BAM WR

15 Julie 2013